# HOOFSTUK IV

## NEO-NAZISME IN SUID-AFRIKA: MIMETIESE FASCISME, 1970-1995

*"When the talk of reform became a signal of the country's departure from Verwoerdian apartheid, South Africa began to witness the proliferation of fascist neo-Nazi Afrikaner right-wing groups. The mushrooming of these Hitlerite groups is an expression of frustration by those whose existence relied mainly, if not entirely, on the benefits accrued from racial discrimination."*[1]

### 1. Mimetiese fascisme

Die mimetiese fascisme verwys volgens Griffin na daardie groepe wat die Nazisme met sy palingenetiese siening as hoofbron vir hul ultra-nasionalisme en rassisme gebruik.[2] Baie van hierdie groepe het hul ontstaan te danke gehad aan die veranderende omstandighede van die na-oorlogse tyd waaronder die Koue Oorlog met sy klem op die gevaar van die Kommunisme, en die ekonomiese probleme van die Derde Wêreld wat tot grootskaalse immigrasie na Europa aanleiding gegee het. Ook in Suid-Afrika het politieke probleme en gebeure soos die invloed van dekolonisasie in Afrika, die Nasionale regering se standpunt van die Republiek as 'n bolwerk teen die kommunistiese aanslag, en pogings om die beleid van apartheid afgeskaf te kry, tot die ontstaan van verskeie wit heerssugtige en anti-kommunistiese bewegings bygedra.

### 2. Die National Front

#### a. Die National Front in Brittanje

Die National Front (NF) is in 1967 in Brittanje deur leidende lede van verskeie ver-regse groepe, waaronder die LEL, die Racial Preservation Society (RPS), die British National Party (BNP), en die Greater Britain Movement van John Tyndall en Martin Webster, gestig. A.K. Chesterton het tot en met 1971 as voorsitter opgetree waarna hy die beweging vanweë die Nazi-idees van Tyndall-hulle verlaat het. Tyndall het dan ook in 1972 as voorsitter opgevolg en die beweging hierna saam met Webster gedomineer.[3]

Gedurende 1975 tot 1976 het die eerste van verskeie ernstige skeurings binne die beweging plaasgevind. In 1980 het Tyndall self na 'n twis met Webster weggebreek en die New National Front, later bekend as die British National Party (BNP), gevorm. Hy is deur Andrew Brons as NF voorsitter opgevolg. Gedurende 1983 tot 1984 is Webster deur Nicholas Griffin en Joe Pearce uit die beweging gestoot waarna hy Our Nation gevorm het. Hierna het die NF, onder die invloed van die Griffin/Pearce-faksie, al meer in 'n revolusionêre nasionale beweging soortgelyk aan die Italiaanse Nuclei Armati Rivoluzionari (NAR), ontwikkel. Dié faksie was algemeen bekend as die Strasseriste

---

1 D. Cloete, Right-wing fascism in South Africa, *African Communist* 125, 1991, p. 47.
2 R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 164.
3 Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 310; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 73-74.

omdat hulle 'n soortgelyke vorm van 'linkse Nazisme' as dié van die Strasser-broers in Nazi-Duitsland aangehang het. Hulle het kontakte opgebou met voortvlugtende Italiaanse terroriste en ook die bloed-en-bodem filosofie van die Italiaanse Derde Posisie oorgeneem. Dit was juis hierdie betrokkenheid van Italiaanse terroriste in die aktiwiteite van die NF wat veroorsaak het dat die beweging teen 1987 in twee strydende faksies verdeel was. Die een groep, onder leiding van Pearce, het 'n meer tradisionele nie-militêre benadering voorgestaan en wou terugkeer na die beweging se vroeëre klem op anti-swart rassisme. Die ander faksie, onder leiding van Griffin en Derek Holland, wou die beweging se stedelike fokus met 'n rustieke filosofie en waardes vervang. Hulle het 'n paramilitêre drie-strata struktuur voorgestel waarvolgens die beweging in 'n elite van 'politieke soldate', ondersteunende lede en straataktiviste verdeel sou word.[4]

Die NF was die enigste Britse fascistiese groep sedert Mosley se BUF om wye openbare erkenning te verkry. Die beweging het gedurende die sewentigerjare 'n hoogtepunt beleef toe dit saam met die Britse Konserwatiewe Party en Monday Club aan veldtogte teen swart immigrasie deelgeneem het, maar hulle kon nooit daarin slaag om enige verkiesings te wen nie en hul lidmaatskap was minder as die helfte van dié van die BUF. Straatgeweld en optogte was 'n algemene kenmerk van NF-byeenkomste in hierdie tyd, terwyl baie lede en ondersteuners deur die jare tronkstraf opgelê is vir geweld, die opsweep van rassehaat en wapensmokkelary. Alhoewel die beweging steeds een van die grootste fascistiese groepe in Brittanje bly, het dit deur die jare baie van sy lede en ondersteuners aan ander regse en fascistiese bewegings verloor. Die ouderdoms- en klasprofiel van die lede het ook met die jare verander. Waar die NF vroeër hoofsaaklik deur middeljarige middelklas regse konserwatiewes ondersteun is, het die meerderheid lede teen die tagtigerjare uit werklose twintigjarige skinheads bestaan. Die NF het dan ook gedurende die tagtigerjare wegbeweeg van die liberale demokrasie en 'n groter klem op politieke aktivisme begin lê. Hierdie beleidsverandering kan onder meer aan die opbloei van Britse nasionalisme tydens die Falkland-oorlog, en Margaret Thatcher se opposisie teen Europese integrasie en haar wetgewing teen immigrasie, toegeskryf word. Dit het alles daartoe bygedra om die platform vir parlementêre deelname onder die NF uit te neem.[5]

Die NF omskryf 'n nasionale en populistiese ideologie wat op die idees van G.K. Chesterton, Hillaire Belloc, William Morris en William Cobbet, gebaseer is, asook 'n ekonomiese verspreidingsfilosofie wat teen beide die kapitalisme en kommunisme gekant is. Hierdie beleid is vergelykbaar met dié van die Nazi Gregor Strasser en die Derde Posisie Ruralisme wat deur die Italiaanse fasciste gedurende die sewentigerjare ontwikkel is. Alhoewel die NF ontken dat dit 'n neo-Nazi organisasie is, het heelwat van die leidende lede wel Nazi-bande gehad en word kodewoorde in plaas van die tradisionele Nazi-terminologie gebruik. So byvoorbeeld, word verwysings na die Jode vervang deur die woorde Sioniste, kosmopolitane en vreemdelinge, terwyl *one-worldism* en Internasionale

---

4 Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 310-311; C.T. Husbands, Extreme right-wing politics in Great Britain: the recent marginalisation of the National Front, *West European Politics* 11(2), April 1988, pp. 65, 69-70.

5 Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 311; C.T. Husbands, Extreme right-wing politics in Great Britain ..., *West European Politics* 11(2), April 1988, pp. 70-71; R. Eatwell, Why has the extreme right failed in Britain?, *in* P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 175; S. Taylor, The radical right in Britain, *in* P.H. Merkl & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, p. 182.

Sionisme na die Joodse sameswering vir wêreldoorheersing verwys. Ten spyte daarvan dat die beweging gedurende die sewentigerjare op openbare vlak op populêre rassisme, die repatriasie van swartes en verwysings na agteruitgang as gevolg van immigrasie klem gelê het, was die NF se leierskorps en kernideologie egter fascisties van aard en wel volgens die anti-Semitiese Nazi-voorbeeld. Die NF is verder ten gunste van die repatriasie van immigrante en ondersteun die Lojaliste in Noord-Ierland. Hulle eis ook die herinstelling van die doodstraf en die ontrekking van Brittanje aan multilaterale instellings soos die VN en Europese Gemeenskap. Hulle is gekant teen multikulturele en kapitalistiese instellings en glo dat die sogenaamde 'Joods-geïnspireerde' liberalisme, kommunisme en internasionalisme die wit ras en spesifiek die Britse volk probeer vernietig. Teen die middel tagtigerjare het die beweging, onder die invloed van die Strasserisme, ook groter klem op die werkersklas begin lê, en daar is geglo dat die anti-kapitalistiese Ruralisme, deur middel van die skep van 'n selfonderhoudende en ware verbruikersekonomie, die sosio-ekonomiese probleme in die stede sou oplos.[6]

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die NF in sy ontwikkelingsgeskiedenis deur drie ideologiese fases beweeg het. Alhoewel die beweging aanvanklik deur nostalgiese fasciste gestig is, is dit vanaf die sewentigerjare deur neo-Nazi's gedomineer wat die toename in nie-blanke immigrante en die gepaardgaande opkoms van rassistiese sentimente, uitgebuit het. Teen die middel van die tagtigerjare het neo-fascistiese elemente soos die Derde Posisie-idee van die Revolusionêre Nasionalisme, die Nuwe Regse-ideologie van GRECE en die Italiaanse Tradisionalisme, asook enkele kripto-fascistiese kenmerke, binne die NF se ideologie te voorskyn gekom.[7] Aangesien die invloed van die beweging in Suid-Afrika gedurende die sewentigerjare plaasgevind het toe die beweging deur sy mimetiese, neo-Nazistiese fase gegaan het, word dit hier onder die mimetiese fascisme bespreek.

**b. Die South African National Front**

Die South African National Front (SANF) is gedurende die vroeë sewentigerjare deur 'n aantal rassistiese aktiviste in Suid-Afrika gestig, maar min is verder oor die beweging se aktiwiteite bekend. Onder die stigterslede was die Brit, Ray Hill, terwyl Max Bollo, een van die lede van die latere Wit Kommando, ook 'n lid van die Nasionale Direktoraat van die SANF was.[8] In 1978 het die parlementêre opposisie by die statutêre Komitee vir Publikasies beswaar aangeteken teen 'n pamflet van die National Front wat volgens hulle rassisties en beledigend was. Die betrokke pamflet getiteld *White Supremacy or Black Supremacy*, het onder meer verklaar: "Daily, the blacks encroach increasingly on our lives - sports, theatres, jobs, parks, restaurants, they are even creeping into our schools. Where will it end? ... in black supremacy. Do you know what black supremacy entails? ...

---

6 Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 312; R. Eatwell, Why has the extreme right failed in Britain?, *in* P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 177; S. Taylor, The radical right in Britain, *in* P.H. Merkl & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, pp. 172-173, 174-175; C.T. Husbands, Extreme right-wing politics in Great Britain ..., *West European Politics* 11(2), April 1988, pp. 71-72.

7 R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 173-174.

8 Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 248.

Under black rule you will have no job, have no home, have no rights, and possibly lose your life and your family's. Black rule means bloodshed, chaos and corruption. Just look at Uganda, Angola, Mozambique and Zaire."[9] Die pamflet is egter deur die Komitee goedgekeur. In Januarie 1979 het 'n aantal Jode buite 'n Johannesburgse hotel, waar 'n NF vergadering gehou sou word, teen die beweging betoog.[10]

Ray Hill het gedurende die sestigerjare, vanweë die instroming van nie-blanke immigrante, by die ver-regse politiek in Brittanje betrokke geraak en was as fascistiese militant vir sewentien jaar deel van die neo-Nazi onderwêreld in daardie land. Hy het mettertyd tot redenaar en organiseerder gevorder en was onder meer voorsitter van die Leicester-tak van Colin Jordan se British Movement. Na 'n gewelddadige straatgeveg het hy uit Engeland gevlug om arrestasie te vermy en hom in Suid-Afrika gevestig. Hier is hy na bewering deur die lewensomstandighede van nie-blanke Suid-Afrikaners ontnugter en het hy sy fascistiese sienings laat vaar. Teen die vroeë tagtigerjare het hy na Brittanje teruggekeer waarna hy vir vyf jaar as ondergrawer binne die fascistiese onderwêreld gewerk het. Hy het doelbewus fascistiese groepe ondermyn, vals inligting versprei, twis tussen leiers veroorsaak en gegewens aan die polisie deurgegee. Op hierdie manier is onder meer 'n aantal wegkruipplekke van Franse en Italiaanse terroriste in Brittanje ontbloot. In 1987 het Hill, nadat hy deur die fascistiese beweging onder verdenking geplaas is, sy dubbele lewe verlaat en sy wedervaringe in 'n boek, *The other face of terror*, gepubliseer.[11]

**c. Brendan J. Willmer**

In 1962 het Colin Jordan die British National Youth, ook bekend as die National Youth League (NYL), in Brittanje gevorm. Sedert 1964 het Brendan Willmer die leierskap daarvan oorgeneem. Die beweging was aanvanklik simpatiek teenoor die nasionaal-sosialisme, maar het teen 1965 die fascistiese ideologie begin veroordeel. In 1969 het Willmer by die National Front aangesluit en in 1971 het hy na Suid-Afrika geëmigreer nadat finansiële en ander ongerymdhede in Brittanje aan die lig gekom het. Hier het hy by verskeie regse en rassistiese groepe, waaronder die South Africa First Campaign, die Save Rhodesia Campaign, die pro-apartheid Civic League en die National Forum van Ivor Benson, betrokke geraak. Verskeie finansiële skandale het Willmer ook in Suid-Afrika omring en hy het, byvoorbeeld, die Save Rhodesia Campaign, waarvan hy een van die stigterslede was, in skuld agtergelaat. Hy het in Maart 1982 by die KP aangesluit, maar is egter in Mei 1984 gedeporteer, omdat hy na dertien jaar in Suid-Afrika nooit vir permanente verblyf of burgerskap aansoek gedoen het nie.[12]

---

9 Anon., N.F. pamphlet passed, *S.A. Observer* 23(8), April 1979, p. 14.

10 Anon., Jewish demonstration: questions still unanswered, *S.A. Observer* 23(7), March 1979, p. 14.

11 S. Sullivan, A fascist who came in from the cold, *Newsweek* 111(15), 1988-04-11, p. 12. Die boek, *The other face of terror: inside Europe's neo-Nazi network* (London, 1988) deur R. Hill & A. Bell, kon ongelukkig nie vir gebruik in hierdie studie opgespoor word nie).

12 Anon., Con-man is deported, *S.A. Patriot* 22, April-June 1984, p. 7. Sien ook *S.A. Patriot* 24, September-Desember 1984, p. 6; A.D. Harvey, The "Save Rhodesia Campaign" - why it failed, *Kommando* 5, Maart-Mei 1988, p. 29; R. Davies *et al*, *The struggle for South Africa*, pp. 156-157; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 248, 323.

### d. Die *South African Patriot*

Die *South African Patriot* is in Maart 1980 deur onder andere John Hiddleston, 'n Ierse immigrant en oud-lid van die National Front, begin. Die eerste uitgawe het in Mei 1980 verskyn en is in Durban deur die Patriotic Press uitgegee. Hiddleston het tot en met die einde van 1981 as redakteur opgetree waarna Alan D. Harvey die redakteurskap, met Leon van Wyk as assistent-redakteur, oorgeneem het. Sedert Junie 1984 het J. Samuel die assistent-redakteurskap behartig. Volgens Ó'Maoláin het Hiddleston vanweë 'n finansiële dispuut in 1983 na Noord-Ierland teruggekeer en is daar later ook aantygings teen hom gemaak dat hy as 'n polisie-informant sou gewerk het.[13]

Alhoewel die *South African Patriot* onafhanklik uitgegee is en die hoofdoel van die publikasie was om 'n deursnee van patriotiese menings te reflekteer, het dit tog openlik die beleid van die Herstigte Nasionale Party (HNP) ondersteun. Die blad was uitgesproke rassisties, ten gunste van wit heerskappy en gekant teen die kommunisme, liberalisme, meerderheidsregering en rassegelykheid. In die eerste uitgawe het Hiddleston onder meer verklaar: "White men everywhere in South Africa are gradually realising that our land is being taken from us - not by jack-booted Communist troops, but by those who pretend to represent our interests - and handed over, lock, stock and barrel, to a race which is not capable of maintaining, let alone developing, a modern technological society .... The White race must remain firmly in control of South Africa for all time."[14]

Die redaksie het die stigting van 'n beweging voorgestaan om die sogenaamde uitverkoop-beleid van die NP-regering teë te staan en was ook sterk teen die totstandkoming van die Zimbabwiese staat gekant: "Zimbabwe is not the new name for Rhodesia. It is the name given to a conquered territory by an alien power."[15] Artikels en advertensies van verskeie buitelandse regse, fascistiese en rassistiese organisasies soos die NAAWP van David Duke, en publikasies, waaronder die *National Vanguard* van die fascistiese National Alliance in die VSA, *Instauration*, *Heritage & Destiny*, *Nationalism Today*, *Folk & Race* en *NF News*, is ook geplaas. Die subtitel van die koerant was aanvanklik *Spearhead of White Resistance* en die Suid-Afrikaanse vlag met 'n springbokkop is as embleem gebruik. Nadat Harvey die redakteurskap oorgeneem het, is dit verander na *The Voice of the White Worker* en is die vlag met 'n Odal-teken vervang. Teen 1983 het die publikasie finansiële probleme begin ondervind en het die laaste uitgawe teen die einde van 1985 verskyn.[16]

---

13 A. Harvey, Selling Patriot, *S.A. Patriot* 1(2), 1980, p. 8; sien ook *S.A. Patriot* 1(10) November/December 1981, p. 2; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 245-246. Ó'Maoláin se werk bevat egter sekere feitefoute: Hy beweer bv. dat die koerant deur John Hiddlestone [moet wees Hiddleston] en John Harvey [Alan D. Harvey ?] begin is. Volgens hom was Harvey 'n Britse immigrant en ook 'n lid van die NF.

14 J. Hiddleston, Editorial, *S.A. Patriot* 1(1), 1980, p. 2.

15 Hereward, Awakenings!, *S.A. Patriot* 1(3), October/November 1980, p. 3.

16 Sien *S.A. Patriot* 1(1), 1980 - 26, July-December 1985.

### 3. Die Wit Kommando

Die Wit Kommando, 'n fascistiese terroristegroep, is in Mei 1980 in Suid-Afrika gevorm om die sogenaamde paaibeleid van die NP-regering teë te staan. Bomaanvalle is teen verskeie swart, anti-apartheids- en pro-regering teikens geloods. In Mei 1980 is onder meer gepoog om die Eerste Minister in 'n ontploffing te dood en in Augustus 1980 was daar 'n bomaanval by die kantore van prof. Jan Lombard van die South African Institute of Race Relations en prof. Frans Maritz, beide van UNISA. Bomontploffings het ook by die kantore van 'n Natalse Lid van die Uitvoerende Raad (LUR), die Transkeise Konsulaat en in die projeksiekamers van twee inryteaters, plaasgevind. Daar was ook 'n voorval van brandstigting by die SA Institute of Race Relations se kantore in Braamfontein. Die Wit Kommando, wat verantwoordelikheid vir die geweldpleging aanvaar het, het beweer dat hulle daarmee in die ware belange van Afrikanernasionalisme en rassesuiwerheid gehandel het.[17]

In 1981 is twee lede van die groep weens hierdie terreurdade in hegtenis geneem. Die Italianers Massimo Domingo Bollo en Fabio Miriello het in September 1981 in die hof verskyn op aanklagte van diefstal, sabotasie en deelname aan terroriste-aktiwiteite. Monica Huggett, 'n oud-lid van die Wit Kommando, het as staatsgetuie opgetree en aangevoer dat dit nie die doel van die beweging was om die regering omver te werp nie. Sy het beweer dat die Kommando met die aanvalle bloot wou aantoon dat die geleidelike pad van toegewings deur die NP-regering uiteindelik tot rassevermenging sou lei en dat baie mense daarteen gekant was.[18] Die regter het in sy uitspraak ter versagting in ag geneem dat die beweging lewensverlies probeer vermy het, dat hulle nie enige ondersteuning van organisasies in Suid-Afrika of oorsee gehad het nie, en dat hulle nie 'n staatsgreep beplan het nie.[19]

Bollo (ca 1943) se sienings oor die politieke situasie in Suid-Afrika is grootliks beïnvloed deur sy wedervaringe in vier Afrikalande nadat onafhanklikheid toegeken is. Hy is in Somalië gebore waar sy familie al hul besittings in die chaos wat na onafhanklikwording gevolg het, verloor het. Die gesin het vir 'n tyd in Italië gewoon voordat hulle weer na Somalië teruggekeer het. Weens die politieke spanning het hulle na Kenia verhuis totdat die situasie ook daar teen 1952 onstabiel geraak het. Met die opkoms van die Mau-Mau het hulle besluit om in Julie 1953 na die Belgiese Kongo te vertrek. Hier was alles rustig tot onluste in 1960 uitgebreek en die gesin genoodsaak is om na Suid-Afrika te vlug. Bollo het vir 'n jaar ingenieurswese aan die Universiteit van die Witwatersrand gestudeer waarna hy by Olivetti begin werk het. In 1970 het hy as verteenwoordiger van Olivetti na Angola gegaan totdat hy in 1975 weens politieke beroering genoodsaak is om na Suid-Afrika terug te keer. Met sy terugkoms was hy geskok toe hy besef het dat Apartheid besig was om te verkrummel en dat selfs die Afrikaanse pers meer liberaal geword het. Hy het derhalwe besluit om die United International Defence Organization (Unido) te stig met die doel om die Latynse gemeenskap in die land in burgerlike verdedigingsaksies en opleiding te verenig. Met die ineenstorting van hierdie

---

17 P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 96; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 246; Anon., Court proceedings in the Wit Kommando case, *S.A. Observer* 26(10), September 1981, p. 13.

18 Anon., Court proceedings in the Wit Kommando case, *S.A. Observer* 26(10), September 1981, p. 13.

19 Anon, Wit Kommando trial - sentences and pleas in mitigation, *S.A. Observer* 26(11), October 1981, p. 13.

organisasie weens 'n tekort aan fondse, het hy besluit om hom tot onwettige metodes te wend om sy boodskap deur te kry. Bollo was ook lid van die Nasionale Direktoraat van die South African National Front. Hy is altesaam tot 52 jaar tronkstraf gevonnis, maar sou 'n effektiewe vonnis van tien jaar uitdien. In November 1985 is hy vrygelaat en omdat hy nooit Suid-Afrikaanse burgerskap verkry het nie, is hy na Italië gedeporteer.[20]

Fabio Miriello (ca 1936) is in Italië gebore waar hy as ingenieur gekwalifiseer het. Sy sterk anti-kommunistiese sienings is beïnvloed deur sy ondervinding in Milaan in 1945 toe duisende anti-kommuniste deur kommunistiese partisane vermoor is. In 1977 het hy na Suid-Afrika verhuis waar hy op die spoorweë as ingenieur gewerk het. Hy het later burgerskap verkry en by die burgermag aangesluit waarin hy die rang van Stafsersant gehad het. In 1976 het hy 'n maandelikse Italiaanse koerant, *Neuropa*, begin waarin hy teen die bedreigings vir die blanke beskawing in Suid-Afrika gewaarsku het. Hy het later besef dat dade ook nodig was en het daarom by die Wit Kommando betrokke geraak. Miriello is effektief tot vyf jaar gevangenisstraf gevonnis.[21] Na sy vrylating sou hy en Huggett by die Kerk van die Skepper betrokke raak.

Alhoewel die hof bevind het dat die Wit Kommando onafhanklik van enige buitelandse hulp opgetree het, is dit tog bekend dat Bollo in kontak met die fascistiese New European Order in Switzerland was.[22] Enkele lede van die beweging, waaronder Huggett, het ook bande met die Ku Klux Klan in die VSA gehad.

## 4. <u>Die Ku Klux Klan</u>

### a. Die Ku Klux Klan in die VSA

#### i. Die oorspronklike beweging

Die Suide van Amerika was na die Amerikaanse Burgeroorlog (1861-1865) verwoes, die slawe vry en sonder werk en die blanke inwoners verarm en sonder veel regte. Tydens die periode van Rekonstruksie het korrupte persone binne die Noordelike administrasie swart Amerikaners binne die geheime Union League georganiseer en hulle misbruik om die blanke inwoners tot onderdanigheid te dwing. Hierdie organisasie het onder meer rassehaat gepredik, die swartes aangemoedig om wapens te dra, die plantasie-eienaars se skure af te brand en om die blankes se vee te skiet. Aangesien die blanke inwoners nie wettiglik kon optree nie, was hul enigste uitweg om geheime bewegings ter wille van selfbehoud te organiseer. Een van hierdie organisasies was bekend as die Ku Klux Klan (KKK).[23]

---

[20] Anon, Wit Kommando trial - sentences and pleas in mitigation, *S.A. Observer* 26(11), October 1981, pp. 13-14; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 246-247.
[21] Anon, Wit Kommando trial - sentences and pleas in mitigation, *S.A. Observer* 26(11), October 1981, pp. 13-14.
[22] C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 248.
[23] R.B. Gruver, *An American history II*, p. 598; N.M. Blake, *A short history of American life*, p. 368; E.R.A Seligman & A. Johnson (eds.), *Encyclopaedia of the social sciences VIII*, p. 606; J.A. Garraty, *The American nation*, p. 448.

Die oorsprong van die KKK, waarvan die naam van die Griekse woord *kuklos* (sirkel) ontneem is, kan teruggevoer word na 'n sosiale klub wat in 1866 in Pulaski, Tennessee deur ses oud-offisiere van die Konfederale weermag gestig is. Die klub het gou van die meer ongure karakters in die samelewing getrek en was teen 1868 hoofsaaklik 'n terroriste-organisasie wat geweldoptredes teen die Republikeinse Rekonstruksieregerings gerig het. Vanweë hierdie geweldsrigting het sekere lede in 1869 onsuksesvolle pogings aangewend om dit te laat ontbind. Teen 1870/1871 het die beweging se aktiwiteite die regering genoodsaak om stappe te neem en drie wetsontwerpe is uiteindelik deurgevoer om die groep se wetteloosheid aan bande te lê. Die gevolg was dat die Klan teen 1872 feitlik verdwyn het. Die beweging, wat gedurende 1868 tot 1871 vinnig deur die Suide versprei het, het 'n ledetal van byna 550 000 gehad wat byna die totale manlike Southerner bevolking omsluit het.[24]

Die Klan was 'n geheime organisasie uitsluitlik vir blanke mans en is georganiseer in 'n *Invisible Empire* met die *Grand Wizard of the Empire*, bygestaan deur tien *Genii*, as outokratiese leier. Ander amptenare was die *Grand Dragon of the Realm*, bygestaan deur agt *Hydras*, die *Grand Titan of the Dominion*, bygestaan deur ses *Furies*, en die *Grand Cyclops of the Den* wat deur twee *Nighthawks* ondersteun is. Afgesien van hierdie vreemde titels is daar ook van rituele en die kenmerkende wit uniform gebruik gemaak. Die doel van die beweging was hoofsaaklik om die bygelowige swartes en hul wit leiers te intimideer. Dit is onder meer gedoen deur in die nag met wit uniforms, en met wit lakens oor hul perde, rond te ry en in gedempte stemme te praat om die indruk te skep dat hulle die geeste van gestorwe soldate was. Hulle het ook dreigbriewe en ander waarskuwings verprei en brandende kruise opgerig, terwyl verdere intimidasie lyfstraf, marteling en selfs moord ingesluit het. Die beweging was teen rassegelykheid gekant, wou van die Suide 'n witmansland maak, die blanke se politieke regte herstel en 'n einde aan die Rekonstruksie bring. Verder is blankes teen swart misdaad beskerm en die Klan het dan ook daarin geslaag om die misdaadsyfer drasties te laat afneem en om die nie-blankes uit die politiek te intimideer. Die beweging het 'n groot invloed op die politieke en sosiale lewe in die Suide gehad en het, deur middel van die verswakking van die Republikeinse Party se houvas in die gebied, waarskynlik 'n belangrike rol in die verkryging van selfregering gespeel.[25]

**ii. Die KKK-herlewing**

Na die Eerste Wêreldoorlog het swart soldate meer regte begin eis en ernstige rassebotsings het in 1919 in Amerikaanse stede plaasgevind. In 1915 is die Knights of the Ku Klux Klan in Atlanta, Georgia deur William Simmons gestig. Die beweging het 5000 lede gehad, maar het eers werklik in 1920 momentum begin kry nadat Edward Clarke en Elizabeth Tyler as promosie-agente aangestel is.

---

24 B. Catton (ed.), *The national experience*, p. 367; R.B. Gruver, *An American history II*, p. 599; R.V. Harlow, *The United States*, pp. 387-389; N.M. Blake, *A short history of American life*, p. 369; E.R.A Seligman & A. Johnson (eds.), *Encyclopaedia of the social sciences VIII*, pp. 606-607; "Ku Klux Klan", Microsoft Encarta 97 Encyclopedia.

25 B. Catton (ed.), *The national experience*, p. 367; R.B. Gruver, *An American history II*, p. 598; R.V. Harlow, *The United States*, p. 388; "Ku Klux Klan", Microsoft Encarta 97 Encyclopedia.

Koerantberigte en ondersoeke na ongerymdhede in 1921 het egter veroorsaak dat die beweging geskeur het. Hiram Evans het die *Imperial Wizard*-skap oorgeneem en onder sy leierskap het die KKK vinnig gegroei. Teen 1925 was daar ongeveer 5-6 miljoen lede, maar kort hierna is *Dragon* David Stephenson weens die moord op sy sekretaresse gevonnis. Die KKK se morele reputasie was aan skerwe en baie lede het die beweging ontnugter verlaat. Vanweë swak leierskap, 'n swak politieke program, korrupsie en verdere skandale, het die beweging teen 1941 slegs sowat 10 000 lede oorgehad. In 1939 is die Klan ook in diskrediet gebring vanweë die openbaarmaking van bande met die pro-Nazi German-American Bund en in 1944 is dit, na 'n belastingskandaal, finaal ontbind.[26]

Slegs blanke, Amerikaansgebore Protestante kon lede van die KKK word en die beweging se aktiwiteite en motiewe het van streek tot streek verskil. Waar dit in die Noorde anti-vreemdeling en anti-bolsjewisties georiënteerd was, is daar in die Suide meer klem gelê op 'n fundamentalistiese geloof in godsdienstige en morele waardes. Die 20ste eeuse KKK het van die oorspronklike beweging verskil deurdat hul invloed buite die Suide versprei en die beweging naas die swartes nou ook teen immigrante, Katolieke en Jode gekant was. Hulle het hulself voorgehou as die bewakers van die openbare en private sedelikheid, en was gekant teen dobbelaars, prostitute, vroueslaners, dranksmokkelaars en vakbonde. Hulle was voorstanders van *Americanism* en wou terugkeer na 'n vroeëre en 'betere' Amerika. Die gebruik van geheime handgrepe, misterieuse titels en dogmas en wit uniforms was algemeen en dit was juis in hierdie geheime en mistieke aard dat hul mag en aantrekkingskrag gelê het. Lede het mekaar in die veld ontmoet om onder 'n brandende kruis, wat deur die beweging as simbool aangeneem is, na vurige toesprake met 'n sterk patriotiese en morele ondertoon te luister. Hul intimidasietegnieke is teen enigiemand wat die Klan teëgegaan het, gerig. Dit het bestaan uit die uitsegging van teenstanders uit sekere poste, die hou van parades, die vertoon van intimiderende plakkate, en die boikot van besighede om eienaars te beïnvloed om swartes en ander ongewenstes af te dank. Daar is ook gebruik gemaak van anonieme dreigbriewe, die teer-en-veer van andersdenkendes, brandstigting, ontvoerings, lyfstraf en moord, en daar was selfs enkele gevalle waar persone met suur gebrand en vermink is. Ten spyte hiervan het die KKK 'n belangrike rol in veral die Suide se politiek gespeel deurdat die beweging beheer oor die nominasies en verkiesings van plaaslike amptenare, en selfs goewerneurs en kongreslede, gehad het. Die KKK was oor die algemeen op onverdraagsaamheid, rassisme en vrees gebaseer en was derhalwe in lyn met baie van die kontemporêre Europese fascistiese bewegings van die twintigerjare.[27]

---

26 B. Catton (ed.), *The national experience*, pp. 611-612; R.B. Gruver, *An American history II*, p. 884; H.W. Degenhardt (ed.), *Revolutionary and dissident movements*, p. 405; R.V. Harlow, *The United States*, p. 685; N.M. Blake, *A short history of American life*, pp. 626-627; E.R.A Seligman & A. Johnson (eds.), *Encyclopaedia of the social sciences VIII*, pp. 607-608; J.A. Garraty, *The American nation*, pp. 690-691; J.K. Martin *et. al*, *America and its people*, p. 757; M. Cox, Beyond the fringe: the extreme right in the United States of America, *in* P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, pp. 288-289.

27 B. Catton (ed.), *The national experience*, p. 611; R.B. Gruver, *An American history II*, p. 884; H.W. Degenhardt (ed.), *Revolutionary and dissident movements*, p. 405; R.V. Harlow, *The United States*, p. 685; N.M. Blake, *A short history of American life*, p. 626; E.R.A Seligman & A. Johnson (eds.), *Encyclopaedia of the social sciences VIII*, p. 607; J.A. Garraty, *The American nation*, pp. 689-691; J.K. Martin *et. al*, *America and its people*, pp. 757-758; M. Cox, Beyond the fringe ..., *in* P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, pp. 288-289.

### iii. Die KKK na 1945

Sedert 1945 was daar verskeie mislukte pogings om die beweging opnuut te herstig en dit was eers tydens die burgerregtebeweging van 1964-1966 dat die KKK weer momentum begin kry het. In 1965 is die ledetal van die verskillende faksies op 42 000 geskat. Gedurende die vroeë sewentigerjare is hierdie faksies deur nasionaal-sosialiste as frontorganisasies begin gebruik. Teen die middel sewentigerjare was daar slegs ongeveer 4500 lede in meer as 'n dosyn splintergroepe en gedurende die tagtigerjare was daar 'n aantal klein, maar aktiewe, KKK-groepies in veral die Suide van die VSA. In 1982 is daar gepoog om al die faksies te koördineer, maar teen 1986 was die KKK steeds in drie groot groepe verdeel, naamlik The Knights of the Invisible Empire, United Klans of America Inc en die Knights of the KKK. Teen hierdie tyd het die beweging se invloed sterk begin afneem aangesien van die gevaarlikste lede eerder by neo-Nazi groepe aangesluit het. Waar die Klan in 1984 8000-10 000 lede gehad het, het dit teen 1986 uit 6000-8000 en teen die laat tagtigerjare uit slegs 5000 lede bestaan. Daarteenoor het neo-Nazi en ander groepe, waarvan baie van die leiers gewese lede van die KKK was, gesamentlik 17 000 lede gehad.[28]

Die beleid van die KKK het na 1945 basies met dié van ander neo-Nazi en ekstremistiese regse en fascistiese groepe ooreengestem. Die beweging se lede is voorstanders van blanke oorheersing, rasseskeiding, patriotisme, 'n hiërargiese gesagstaat, ekonomiese proteksionisme en die beskerming van wit Christelike Amerika en die Westerse beskawing. Hulle is anti-swart, anti-Semities en anti-aborsie georiënteerd, gekant teen nie-blanke immigrasie en rassegelykheid, wat volgens hulle tot verval en agteruitgang lei, en hulle beskou enige regeringstrukture in 'n vyandige lig: "... 'the federal government controlled by the anti-Christ Jews' has as its goal 'the destruction of our race, our faith and our people, and our goal is the destruction of them'."[29] In die praktyk laat die KKK se morele standaarde en patriotisme egter veel te wense oor. Tydens 'n KKK-konvensie in 1986 is vyf lede vir dronkenskap en ander oortredings gearresteer, terwyl 'n hoë lid in 1985 as 'n spioen van die USSR ontmasker is.[30]

Gedurende die vyftiger- en sestigerjare het fascistiese groepe gepoog om takke van die Klan in Australië, Wes-Duitsland en Engeland te stig, en in 1980 het *Grand Wizard* David Duke Brittanje opnuut met hierdie doel voor oë besoek. Die grootste en belangrikste Klan-beweging buite die VSA is egter in 1980 in Kanada tot stand gebring, alhoewel daar sedert die sestigerjare gerugte van Klan-bedrywighede in daardie land was. Lede van die Canadian Knights of the KKK was dan ook in 1981 by 'n mislukte staatsgreeppoging in die Dominikaanse Republiek betrokke.[31]

---

28 H.W. Degenhardt (ed.), *Revolutionary and dissident movements*, p. 405; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 337, 370-371, 44; Anon., Neo-Nazisme reik tot hier, *Transvaler*, 1991-11-18; M. Cox, Beyond the fringe ..., *in* P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, pp. 291, 292.

29 C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 372.

30 C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 337, 368, 372; M. Cox, Beyond the fringe ..., *in* P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 293.

31 C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 16, 44, 72, 325; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 106, 141.

**b. Die Ku Klux Klan in Suid-Afrika**

Die bedrywighede van die Klan in Suid-Afrika is duister. Alhoewel die polisie geen konkrete bewyse gehad het dat die beweging in Suid-Afrika bedrywig was nie, is daar in die laat sewentigerjare wel bewerings in die pers gemaak van takke wat in die land sou bestaan.[32] Volgens Eisenberg was takke van die Ku Klux Klan reeds gedurende die sestigerjare in Suid-Afrika bedrywig en was Rudman, die leier van die Boerenasie-beweging, na bewering 'n verteenwoordiger van die Klan. Monica Huggett, 'n lid van die Wit Kommando, wat saam met Bollo en Miriello in hegtenis geneem is en later staatsgetuie geword het, het ook getuig dat sy 'n lid van die KKK was.[33]

Die Orde van die Dood (OVD) is teen die laat tagtigerjare deur sekere ekstremistiese lede van Aquila, die veiligheidsmag van die AWB, wat deur Terre'Blanche se optrede ontnugter is, gestig. Die leier was Dawie de Beer wat na bewering hoof van AWB-intelligensie was. Die doel van die OVD was om sewe NP-ministers te vermoor sodat die regse opposisie die land kon oorneem, maar die plan is laat vaar omdat dit ook die ANC kon bevoordeel. Hulle het verder in Julie 1989 'n bom by Jani Allan se woonstel laat ontplof om haar skrik te maak en het beplan om 'n Dawidster op Eugene Terre'Blanche se boud te brand. Na die moord op 'n swarte en diefstal uit 'n drankwinkel in September 1989 om geld te bekom, is twee lede van die OVD, Corrie Lottering en Fanie Goosen, in hegtenis geneem en tot onderskeidelik 24 en 13 jaar tronkstraf gevonnis. Tydens hul hofsaak in 1990 het van hul familie en vriende KKK-lapelwapens gedra en een het aan joernaliste verklaar: "Die Orde bestaan lankal nie meer nie. ... Dis nou die Ku Klux Klan."[34] Hy het bygevoeg dat dit onmoontlik was om by die plaaslike leier van die Klan uit te kom: "Dit werk amper soos die Broederbond. ... Jy moet deur 'n lid voorgestel word en jou rekord moet skoon wees - as jy die Klan teleurstel, word jy én die lid wat jou voorgestel het, afgedank."[35] Een persoon het selfs na die hofsaak met 'n tuisgemaakte wit mus by die hof uitgestap.[36] Dit is ook bekend dat die Kerk van die Skepper, waarby Monica Huggett betrokke is, geskrifte van die KKK in Suid-Afrika versprei.[37]

David Ernest Duke (1951-) het in 1968 die White Youth Alliance (later die National Party) op die kampus van die Louisiana Staatsuniversiteit in die VSA gevorm. Hier het hy in koördinasie met die National Socialist White People's Party gewerk en het selfs met tye 'n kakie-uniform met 'n swastika-armband op die kampus gedra. Gedurende die sewentigerjare het hy by die KKK betrokke geraak en teen 1975 was hy *Grand Wizard* van die Knights of the KKK, Inc wat hy tot een van die grootste Klan-faksies opgebou het. Teen 1980 het hy egter die Klan verlaat na gerugte dat hy homself probeer verryk het. Daar was ook gerugte dat hy in 1981 by die staatsgreeppoging in die Dominikaanse

---

32 Sien Republiek van Suid-Afrika, ***Volksraad: vrae en antwoorde*** 76, 27 Januarie - 16 Junie 1978, pp. 502-503.

33 D. Eisenberg, ***The re-emergence of fascism***, p. 125; D. Potgieter, Verregse vriendin van Klenz, makkers ondervra, ***Rapport***, 1994-03-27, p. 6.

34 P. Terblanche, Ku-Klux Klan nou ook hier, ***Rapport***, 1990-11-18, p. 2.

35 P. Terblanche, Ku-Klux Klan nou ook hier, ***Rapport***, 1990-11-18, p. 2.

36 Anon., Hulle wou Dawidster op ET se boud brand, ***Beeld***, 1990-11-14, p. 8; Anon., Orde van Dood: kruisboogplan teen Jani gehad, ***Beeld***, 1990-11-13, p. 2; W. Zwecker, Hulle wou regmaak wat 'AWB-god' verbrou het, ***Beeld***, 1990-11-16, p. 1; Anon., Orde-twee saam 37 jaar in die tronk, ***Beeld***, 1990-11-28; P. Terblanche, Ku-Klux Klan nou ook hier, ***Rapport***, 1990-11-18, p. 2.

37 J. Taljaard, Sekte glo aan 'moddermense', ***Rapport***, 1990-11-18, p. 2.

Republiek betrokke was, maar geen bewyse kon teen hom gevind word nie. Kort hierna stig hy die National Association for the Advancement of White People (NAAWP) met die doel om die Westerse beskawing se waardes en erfenis te beskerm. Die NAAWP verkoop ook regse en fascistiese literatuur, waaronder ***Mein Kampf*** en Alfred Rosenberg se ***Myth of the twentieth century***. In 1989 is Duke as Republikeinse lid tot die Louisiana staatswetgewer verkies. In November 1990 het hy daarin geslaag om 44% van die stemme vir 'n setel in die Senaat op hom te vestig en in November 1991 het hy 39% van die stemme in die goeweneursverkiesing in Louisiana getrek. Hy behou na bewering steeds politieke en persoonlike kontak met Klan-leiers, neo-Nazi's en ander ekstremiste regdeur die VSA. 'n Groot deel van sy verkiesingsveldtogte is dan ook deur die Liberty Lobby gefinansier.[38]

In April 1994 het Duke 'n besoek aan Suid-Afrika gebring en met verskeie leiers van regoor die politieke spektrum samesprekings gevoer. Hy het tydens sy besoek onder meer genoem dat veelrassigheid nooit kan werk nie en dat integrasie tot ekonomiese probleme, 'n verlaging van lewenskwaliteit, misdaad en die vernietiging van beskawing lei. Duke het aangevoer dat dit in Amerika tot die vernietiging van die infrastruktuur aanleiding gegee het, dat skole ontwrig en kinders geïntimideer en aangerand word, en dat die misbruik van dwelms en die geboorte van buite-egtelike kinders daagliks toeneem. Hy het ook verwys na die 'Geldmagte' as die vyande van die Westerse erfenis. Volgens hom was die regses in Suid-Afrika nie alleen nie en was daar baie buitelanders wat die idee van 'n volkstaat vir die Afrikaner sou ondersteun. Hy het ook na die verkiesing van April 1994 verwys as 'n oorgawe aan die 'donker magte, tirannie en die godlose kommunisme'.[39]

## 5. Die NSDAP/AO-SA

### a. Die NSDAP/AO in die VSA

Die Nationalsozialistische Deutsche Arbeiterpartei / Auslands- und Aufbauorganisation (NSDAP/AO) is 'n uitvloeisel van die National Socialist Combat Groups (NSKG), 'n terroristegroep wat in 1973 in Wes-Duitsland verbied is. Gary "Rex" Lauck (1953-) wat in Milwaukee, Wisconsin gebore is en sedert 'n jong ouderdom aktief in neo-Nazi kringe betrokke was, was vanaf die stigting in 1971 by die NSKG betrokke en het 'n Auslandsorganisation daarvan in die VSA gestig. Nadat die NSKG verbied is en Lauck in 1974 deur die Wes-Duitse owerhede uitgesit is, het hy die aktiwiteite van die beweging na die VSA verskuif en sy eie beweging in die NSDAP/AO geherorganiseer. Hier het dit tot een van die hoofverskaffers van Nazi-brosjures, rolprente en ander propaganda aan ekstremistiese groepe regdeur die wêreld ontwikkel. In 1976 is Lauck tydens 'n besoek aan Wes-Duitsland weens die besit van onwettige propaganda in hegtenis geneem en gedeporteer. Nadat hy later weer die wet teen Nasionaal-Sosialistiese aktiwiteite in Duitsland oortree het, is verskeie arrestasiebevele hierna deur

---

38 Newton, M. & J.A. Newton, *The Ku Klux Klan*, pp. 173-174; B. Turque *et al*, The real David Duke, *Newsweek* 118(21), 1991-11-18, pp. 24-28; M. Ellison, David Duke and the race for the Governor's mansion, *Race & Class* 33(2), Oct-Dec 1991, pp. 71-72, 74; Anon., 'Rampokker' klop 'rassis', *Transvaler*, 1991-11-18.

39 Persoonlike inligting: David Duke, tydens 'n heruitsending van 'n onderhoud met hom op Radio Pretoria, 1994-04-14; sien ook Z.B. Du Toit, 'Smeltkroes' stuur af op ramp, sê Duke, *Rapport*, 1994-04-17, p. 10; Anon., Duke by Yster-en-Staal, *Die SA Werker* (Bylae tot *Metro*), 1994-04-29, p. 29.

die Wes-Duitse owerheid teen hom uitgereik. Lauck is uiteindelik in April 1995 in hegtenis geneem nadat hy 'n neo-Nazi konvensie in Denemarke bygewoon het. Hy is in Augustus 1995 aan Duitsland uitgelewer en van die aanvuur van rassehaat en die verspreiding van onwettige propaganda aangekla.[40]

Die NSDAP/AO beskou hulself as die opvolgers van die Hitler-beweging en volg feitlik dieselfde beleid as dié van die ou NSDAP. Alhoewel die aanvanklike doel van die beweging die heropbou en wettigmaking van Hitler se ou party was, het dit deur die jare geleidelik verander. Dit bestaan tans uit 'n internasionale netwerk met die doelstelling om 'n wêreldwye nasionaal-sosialisties-geleide Wit Revolusie tot stand te bring om Wit Mag in alle blanke nasies te herstel. Vir hierdie doel is verskeie ondergrondse terroristeselle regdeur Europa en veral in Duitsland georganiseer. Die mondstuk van die beweging, *The New Order*, wat in tien tale verskyn en in Duitsland as die *NS-Kampfruf* gepubliseer word, moedig gereeld geweld teen die staat en sy instellings aan. Lauck voorsien Duitse ekstremistiese groepe, naas propaganda, ook van geldelike hulp en instruksies oor die voer van terroriste-aktiwiteite. Hy het sterk bande met die Ku Klux Klan en skinhead-groepe in die VSA en met oud-Nazi's in Suid-Amerika van wie hy geldelike donasies ontvang. Die NSDAP/AO is grootliks 'n sambreelorganisasie wat, alhoewel dit nie enige direkte beheer oor plaaslike groepe het nie, tog daarin slaag om orde binne 'n andersins chaotiese subkultuur te behou. Ingo Hasselbach, 'n oud-lid van die Duitse neo-Nazi beweging, het in hierdie verband opgemerk: "To say that the international neo-Nazi scene would collapse without Lauck was an understatement. He was the source of practically all the neo-Nazi propaganda pasted up on walls and windows from Berlin to São Paulo, as well as the center of a worldwide organization of which practically every serious neo-Nazi was a member."[41] Alhoewel die NSDAP/AO die meeste van hul aktiwiteite op Duitsland fokus, het die beweging ook takke in Australië, België, Kanada, Denemarke, Finland, Frankryk, Nederland, Hongarye, Italië, Japan, Noorweë, Oostenryk, Spanje, Brittanje, Suid-Afrika, Swede, Switzerland, Rusland en Portugal.[42]

Vir Lauck, wat daarvan hou om Gerhard genoem te word en Engels met 'n Duitse aksent praat, is die VSA, wat hy die *Jew-nited States* noem, slegs bruikbaar vanweë die beleid van vryheid van politieke spraak en die geringe beperkings wat daar op die besit van wapens bestaan. Hy beskou Duitsland steeds as die enigste vaderland en die heilige tuisgrond waaruit die Nasionaal-Sosialisme opgegroei het. Lauck is 'n Strasseris wat sterk teen die kapitalisme gekant is, sluit sy toesprake met "Heil Hitler!" af, en is uitgesproke anti-Semities.[43] Tydens 'n besoek aan Denemarke in 1990 het hy onder meer in 'n toespraak aangevoer: "I think that the Jews were treated a little too nicely in the

---

[40] C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 387; M. Schmidt, *The new reich*, pp. 219-220; Anon., Duitsers verhoor neo-Nazi van VSA, *Beeld*, 1996-05-10, p. 7; E. Jensen, International Nazi cooperation ..., *in* T. Björgo & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, p. 86; I. Hasselbach, *Führer-Ex*, p. 382; L. Weinberg, The American radical right, *in* P.H. Merkl & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, p. 195.

[41] I. Hasselbach, *Führer-Ex*, p. 161.

[42] C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 387; *Die Nuwe Orde* 6, Oktober 1995, p. 3; M. Schmidt, *The new reich*, pp. 219-220; E. Jensen, International Nazi cooperation ..., *in* T. Björgo & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, pp. 85-86; I. Hasselbach, *Führer-Ex*, pp. 161, 163.

[43] Sien I. Hasselbach, *Führer-Ex*, pp. 163, 297.

concentration camps. Personally, I'd say that's a mistake we should not make again."[44] Toe hy later na sy sienswyse van die Jode gevra is, het hy aangekondig: "I have no objections to Jewish people and their race and their culture surviving, but if they systematically try to exterminate my race, I will defend my race. If in defending my race I have to annihilate a few of them ... fine. And if it's a matter of saving the last white man dying on this planet or having to kill the last Jew, it's bye-bye Jew ..."[45]

**b. Die NSDAP/AO-SA in Suid-Afrika**

Die Nasionaal-Sosialistiese Party van Suid-Afrika (NSDAP/AO-SA) het *Die Nuwe Orde/The New Order* as mondstuk en berigte daarin verskyn in Afrikaans, Engels, Nederlands en Duits. Dit is onbekend wanneer die beweging in Suid-Afrika gestig is. Dit is reeds genoem dat die Nederlandse Nazi Gerrit Wolsink byvoorbeeld teen 1990 as internasionale koördineerder vir die beweging opgetree en kontakte in Suid-Afrika gehad het. Daar kan egter aangeneem word dat die NSDAP/AO se invloed in Suid-Afrika moontlik reeds vanaf die tagtigerjare dateer. Die eerste uitgawe van *Die Nuwe Orde* het in 1995 verskyn. Die Suid-Afrikaanse tak het ook 'n sekuriteitsafdeling, naamlik die SA-Stormtroepe, gevorm waarvan die lede se kakie-uniforms met die Vierkleur op die regtermou en die swastika-teken op die linkermou, versier is.[46]

Geen Jode mag lid van die NSDAP/AO word nie, maar lede van ander regse organisasies is welkom om by die beweging aan te sluit. Ten spyte hiervan het *Die Nuwe Orde* aangevoer dat die NSDAP/AO hom van die Wit Wolwe en Witras Brigade distansieer. Die beweging sou in 1996 'n Hitlerfees organiseer en het ook kassette met toesprake van die Amerikaanse Nazi George Lincoln Rockwell, verkoop.[47] Dit is onbekend wie die hoofleier van die party in Suid-Afrika is, maar 'n kontakadres van ene C. Pieterse in Warmbad word in die nuusbrief gegee.[48]

Die berigte in *Die Nuwe Orde*, wat met 'n gewone tikmasjien getik en afgerol word, is van 'n swak taalkundige gehalte en vol leë propaganda. Die blad is uitgesproke anti-Semities en alhoewel daar ontken word dat die Holocaust ooit plaasgevind het, kom die haat vir die Jode (wat deurgaans met 'n kleinletter "j" gespel word) en die geloof in 'n Joodse sameswering sterk na vore. Volgens die redaksie is die wit ras die 'meesterras' en is dit nie 'n skande om 'n rassis te wees nie: "n [*sic*] Rassis is n [*sic*] persoon wat trots is op sy ras en ook nie skaam is om te sê aan watter ras hy/sy behoort. n [*sic*] Persoon wat sê dat hy/sy nie n [*sic*] rassis is nie, dan tot watter ras behoort hy/sy?. n Kleurling

44 M. Schmidt, *The new reich*, p. 221.
45 M. Schmidt, *The new reich*, p. 223.
46 Sien *Die Nuwe Orde* 7, November 1995, p. 3; M. Schmidt, *The new reich*, p. 239.
47 George Lincoln Rockwell word algemeen beskou as die vader van die Amerikaanse neo-Nazi beweging. Hy is egter in 1967 deur een van sy ondersteuners vermoor en daar was bewerings dat hy as regeringsagent gewerk het. Sien C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 389.
48 *Die Nuwe Orde* 6, Oktober 1995, p. 4.

ras [*sic*]. ... Die jood [*sic*] wat die witman breinspoel, en die witman glo die jood [*sic*]. Die jood [*sic*] wil dat die Witras meng sodat hy uitgewis kan word."[49]

Volgens die NSDAP/AO-SA verkeer die Westerse beskawing huidiglik in 'n fase van verval en sal rasvermenging uiteindelik tot die uitwissing van die totale blanke ras lei: "This sick, degenerate society can only end with the complete loss of all its culture-bearers because those who can and do withstand the decay will one day be such a tiny minority that they will no longer be able to sustain civilization. The moment the untermenschen realize this they will rise up to plunder and pillage the few White survivors, who will in a generation be race-mixed out of existence. ... Unless we fight back with all our might, what future will our children inherit? ... We have a choice: a subhuman future, or a bright, thriving Aryan Utopia ..."[50]

Die beweging se standpunt ten opsigte van geweld is dubbelsinnig: "Die NSDAP/AO keur geweld nog goed nog af. Geweld is slegs 'n middel. Wesenlik is dit nog goed nog sleg. ... In lande waar Nasionaal Sosialisme onwettig is, val ondergrondse aksies in twee katogorieë [*sic*], geweldadig [*sic*] en nie geweldadig [*sic*]. Hier, ewe eens is eersgenoemde veel moeiliker as laasgenoemde. ... Daarom beperk die NSDAP/AO homself tot vreedsame aktiwiteite in lande waar Nasionaal Sosialisme wettig is .... en tot vreedsame onwettige optrede in lande waar Nasionaal Sosialisme geban is."[51]

Die huidige sosio-ekonomiese probleme in Suid-Afrika, die armoede, werkloosheid en misdaad, word met die toestande in die Weimar Republiek na die Eerste Wêreldoorlog vergelyk: "Duitsland was destyds net so deurmekaar as wat Suid Afrika [*sic*] vandag is. Die dag toe Adolf Hitler aan bewind kom in Duitsland het hy die land reg geruk [*sic*], hy het fabrieke laat bou, die geld stelsel [sic] verander, die jode [*sic*] weg gejaag uit sy land, want die jode [*sic*] het alles beheer in Duitsland. Adolf Hitler het Duitsland binne 5jaar [*sic*] n [*sic*] model land gemaak. Suid Afrika [*sic*] kan ook weer reg kom, as die Witras nie meer skaam is vir mekaar nie, en hulle begin 'guts' kry. Die Witras is die Meesterras of nie?"[52]

Die redaksie van *Die Nuwe Orde* het aangekondig dat daar gereeld artikels sou verskyn rakende regstelling jeens die Nazi's: "Die leuns [*sic*] wat die afgelope jare na die Tweede Wereld Oorlog [*sic*] versprei is rakende die Nazis, is so gruwelik onwaar dat daar met n [*sic*] tang aangevoel kan word dit is leuns [*sic*]. Leuns [*sic*] wat versprei word is dat die Nazis moordenaars is en dat hulle die jode [*sic*] vermoor het, dat daar gaskamers was, die fee verhaal [*sic*] van anne frank [*sic*] die jodin [*sic*] en vele meer spookstories verkondig deur die spooksmouse."[53] In 'n brief in die November 1995-uitgawe skryf die internasionale leier, Lauck, dan ook: "Teenspoed is daar om oorbrug te word. Probleme is

---

49 *Die Nuwe Orde* 6, Oktober 1995, p. 2.
50 *The New Order* 7, November 1995, p. 1.
51 *Die Nuwe Orde* 8, Desember 1995, p. 1.
52 *Die Nuwe Orde* 6, Oktober 1995, p. 1.
53 *Die Nuwe Orde* 8, Desember 1995, p. 2.

daar om opgelos te word, vyande is daar om verslaan te word. JODE IS DAAR OM ............"[54] en laat die res aan die verbeelding van die leser oor.

In 'n ander brief skryf Lauck vanuit die gevangenis aan sy ondersteuners in Suid-Afrika: "... TOGETHER WE ARE STRONG. That has become a reality. Not just a slogan. That is a battle cry. Directed against every anti-White goverment [*sic*] which suppresses its own Aryan people and aims to racially exterminate it through race-mixing. That is a holy oathe [*sic*]. Each National Socialist double his effort in order to compensate for the loss of an imprisoned-or-fallen-comrade. In this sense i [*sic*] call on all comrades: do not worry so much about me, instead actively support the NSDAP/AO and its leaders through concrete deeds. Struggle. Sacrifice. Work. Heil Hitler."[55]

## 6. <u>Die Kerk van die Skepper</u>

### a. Stigting en ontwikkelingsgeskiedenis

Die Kerk van die Skepper (KvS) is die Suid-Afrikaanse tak van 'n Amerikaanse beweging, die Church of the Creator (COTC). Die stigter van die COTC, Bernard (Ben) Klassen is in 1918 in Rusland gebore waar sy Duitssprekende ouers binne 'n Mennonitiese gemeenskap aan die Molotschnarivier in die suidelike Oekraïne gewoon het. Sy voorsate, wat oorspronklik van Holland afkomstig was, het eers na Pruise en teen die vroeë negentiende eeu, na Rusland verhuis. In Mei 1924 het hulle vanweë die kommunistiese revolusie uit die land gevlug en saam met vier ander families na die staat Chihuahua in Mexiko geëmigreer. Na 'n jaar en 'n half het die Klassens na Kanada verhuis waar Klassen in Herschel, Saskatchewan binne 'n Mennonitiese gemeenskap van ongeveer veertig families sou grootword. Teen 1938 het hy 'n BA behaal en as onderwyser begin werk. Later sou hy ook 'n graad in elektriese ingenieurswese verwerf. In die veertigerjare het hy na Amerika verhuis en hom in die staat Florida gevestig. Hier het hy as eiendomsagent 'n bestaan gemaak voordat hy in 1966 vir 'n kort tydperk tot die Florida Staatswetgewer verkies is.[56]

Klassen beweer dat sy politieke ontwaking in 1938 op twintigjarige ouderdom plaasgevind het toe sy pa *Mein Kampf* by die plaaslike biblioteek uitgeneem het: "It was at this time that marked the beginning of a commitment that was to last for the rest of my life, and result in the final culmination of a full-fledged racial religion for the White Volk."[57] In 1963 het hy lid geword van die John Birch Society (JBS) wat in 1958 as 'n ultra-konserwatiewe, anti-kommunistiese drukgroep gestig is. Hy was ook lid van die American Independence Party en voorsitter daarvan in 1969. Hy het egter gou ontnugter geraak, in 1969 uit die JBS, wat hy as 'n Joodse front beskryf het, bedank en sy eie Nationalist White Party gestig. Hiema het hy al meer tot die besef gekom van die beweerde rol wat die Christendom in die ondermyning van die wit ras speel en het hy begin om 'n nuwe religie,

---

54 *Die Nuwe Orde* 7, November 1995, p. 2. Hoofletters deur Lauck.
55 *Die Nuwe Orde* 6, Oktober 1995, p. 3. Hoofletters deur Lauck.
56 B. Klassen, *The Klassen letters*, pp. 5-7, 15; B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 455-458.
57 B. Klassen, *The Klassen letters*, p. 6.

lewensfilosofie en wêreldbeskouing vir die ras te ontwikkel. In Februarie 1973 het hy die Church of the Creator tot stand gebring om voordeel te trek uit die belastingvrye status van godsdienstige groepe en vir homself die titel van *Pontifex Maximus* toegeken.[58] Klassen het 'n aantal boeke gepubliseer waarin hy sy ideologie uiteengesit het, naamlik *Nature's eternal religion* (1973), *The white man's bible* (1981), en *Salubrious living* (saam met Arnold DeVries). Die artikels wat in die COTC se amptelike blad, *Racial Loyalty*, verskyn het, is in *Expanding creativity* (1985), *Building a whiter and brighter world* (1986) en *Rahowa! This planet is all ours* (1987) gepubliseer.[59]

Alhoewel Ó'Maoláin beweer het dat die beweging teen 1987 nie meer bestaan het nie, is daar teen die middel tagtigerjare na 'n Groot Promotor begin soek om Klassen as leier op te volg. Gedurende die vroeë negentigerjare het Rick McCarty, 'n psigoterapeut, die leierskap van die beweging oorgeneem. Onder McCarty het die beweging tot een van die invloedrykste maar ook gewelddadigste rassistiese beweging in die wêreld ontwikkel. Die COTC het sterk bande met Skinhead- en Klangroepe in Amerika en versprei hul propagandamateriaal na Europa, Rusland, Suid-Amerika en Suid-Afrika. Die beweging het na bewering takke in 37 lande waaronder ook Suid-Afrika.[60]

Dit is onseker wanneer die Suid-Afrikaanse tak gestig is aangesien drie verskillende datums genoem word, naamlik 1979, 1984 en 1986. Die inisiatief vir die stigting is deur Jan S. Smith (ca. 1943-) geneem wat homself as *Primus Dominus* of Eerste Leraar aangestel het. Smith, wat 'n meestersgraad in kernfisika en reaktorfisika het, het vir twee jaar in Antarktika as geofisikus gewerk waar hy baie tyd gehad het om sy gedagtes te ontwikkel. By sy terugkeer het hy mense gesoek wat soos hy dink, die COTC ontdek en 'n briefwisseling met Klassen aangeknoop. Smith, wat ook lid van die Opperraad van die BBB was, het in Mei 1994 na Auckland, Nieu-Seeland geëmigreer waar voormalige anti-apartheidsaktiviste teen sy aankoms betoog het.[61] Die leierskap van die Kerk van die Skepper is hiema deur Jim South van Pretoria oorgeneem. Lede van die KvS en ander regse organisasies soos die AWB en Boerestaat Party, vergader gereeld as die Kulturele Studiegroep (KSG) in die Randburg gedenkkerkie waar na lesings geluister word.[62]

Dit is onbekend hoeveel lede die beweging het, maar daar was op 'n stadium vier gemeentes in Suid-Afrika. Alhoewel Smith aangevoer het dat die beweging heelwat ondersteuners het, het hy erken dat daar minder lede was wat bereid was om die eed van getrouheid af te lê. In die eed verklaar die voornemende lid sy onwrikbare trou teenoor die wit ras en die KvS en onderneem hy om die belange van die wit ras te bevorder. Hy moet met die filosofie van Kreatiwiteit vertroud wees en die geskrifte

---

58 B. Klassen, *The Klassen letters*, pp. 7-8, 15, 18; B. Klassen, *The white man's bible*, p. 6; C.Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 369, 409; B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 458-462.

59 Sien B. Klassen, *The Klassen letters*, p. 293.

60 C.Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 409; B. Klassen, *Rahowa!*, p. 39; A. Kreye, "Die besten krieger", *Der Spiegel* 49, 1994-12-05, pp. 121, 123.

61 J. Taljaard, Sekte glo aan 'moddermense', *Rapport*, 1990-11-18, p. 2; M. Waldner, Jan Smit los toe God vir die wit ras, *Rapport*, 1992-08-02; Anon., Waar dié kerk vandaan kom, *Transvaler*, 1991-11-26; B. du Plessis, 'Superras'-leraar gee pad uit SA, *Beeld*, 1994-05-07, p. 4; Anon., Kerk an die Skepper-man mag bly, *Beeld*, 1994-05-21, p. 4.

62 Sien *Boerant*, Februarie/Maart 1997, p. 10.

van Klassen as die hoeksteen van sy religie, wat hy moet ondersteun en bevorder, beskou. Dit alles word gesweer by die 'heilige bloed van die glorieryke Wit Ras' en as die lid strydig met die eed optree kan hy van sy lidmaatskap ontneem word. Onder die sewentigtal lede van die kerk is 'n aantal hoogs gekwalifiseerde mense waaronder prof D.J.P. Haasbroek, dr. S.W. Potrebowski, dr. Pol Doussy, 'n invloedryke lid van die KvS, Wêreld-Apartheidsbeweging (WAB) en ANS, dr. Silvano Lorenzoni, dr. Doucho Costadinov en dr. Walter Helm. Helm, ook 'n lid van die ANS, is in Augustus 1987 by die Hess-gedenkdiens afgeneem waar hy 'n Nazi-saluut uitgevoer het. Ander lede sluit in Fabio Miriello, voorheen van die Wit Kommando, Johan Greeff en Lenus van Rooyen.[63]

'n Geslote byeenkoms wat in November 1990 in die Hansahuis in Pretoria gehou is en deur Lorenzoni georganiseer is, het aan die pers uitgelek en groot opslae gemaak, veral omdat Koos van der Merwe, die KP se woordvoerder oor verdediging, ook 'n toespraak gehou het. Die beweging het na bewering elke eerste Sondag van die maand in hierdie Pretoriusstraat-gebou, wat aan Doussy behoort, bymekaargekom. Die tema van hierdie spesifieke byeenkoms het gehandel oor die toekoms van die wit ras in Suid-Afrika en is onder die vaandel van die European Cultural Association (ECA) aangebied wat, alhoewel dit deur die ECA-voorsitter, E. Clarke, ontken is, na bewering as front vir die KvS opgetree het. Buiten invloedryke lede van die KvS, het verteenwoordigers van die ANS en WAB, asook immigrante en enkele lede van die KP en HNP, onder die gaste getel. Name wat in die pers genoem is sluit in dié van Koos Vermeulen van die WAB en ANS, Johan Schabort, Hannes Ferguson, die redakteur van die HNP-lyfblad, *Die Afrikaner*, en Willie Olivier, die voormalige private sekretaris van dr. H.F. Verwoerd en voorheen verbonde aan die AWB.[64]

Die kenteken van die KvS is deur Klassen ontwerp en bestaan uit 'n wit sirkel op 'n rooi agtergrond. Binne die sirkel is 'n swart 'W' wat met 'n rooi kroon en wit ligkrans getooi is. Klassen het die betekenis soos volg verduidelik: "The Crown over the 'W' signifies that our White Race is the Aristocrat of all races and is the Creator's crowning glory. It is a symbol of White Supremacy; that we are the Master Race. The Halo signifies that we regard our White Heritage and Blood Lines as a divine trust and that it is our eternal mission to pass this sacred heritage on to future generations, pure and unimpaired."[65]

**b. Ideologiese beskouings**

Die beweging se filosofie en godsdiens is op die natuurwette, as vaste en overanderlike waarhede, gebaseer. Die mens kan vir hulle nie anders as om die wette van die natuur, waarvan die belangrikste die stryd om die oorlewing van die sterkste is, na te volg nie. Volgens Klassen bevorder die natuur skeiding tussen die verskillende dieresoorte sodat hulle in die oorlewingstryd verbeter kan

---

[63] J. Taljaard, Sekte glo aan 'moddermense', *Rapport*, 1990-11-18, p. 2; J. Taljaard, Duiwel los oor kerk, *Rapport*, 1990-11-25; Anon., Waar dié kerk vandaan kom, *Transvaler*, 1991-11-26.
[64] J. Taljaard & K. Brynard, Koos by Neo-Nazi's, *Rapport*, 1990-11-18, pp. 1-2; J. Taljaard, Duiwel los oor kerk, *Rapport*, 1990-11-25.
[65] B. Klassen, *The Klassen letters*, p. 41.

word. Hiervolgens is die doel van die mens se lewe dan ook om sy eie ras te bevorder en derhalwe moet 'n persoon nie eerste aan die land, die vlag of grondwet nie, maar aan die ras tot wie hy behoort, getrou wees. Aangesien nasionalisme verdelend is en oorloë tussen wit volke veroorsaak, is die KvS derhalwe nie 'n Nasionaal-Sosialistiese organisasie nie, maar 'n voorstander van die Rasse-Nasionalisme. Volgens Klassen besef alle rasse, behalwe die blanke, dat rassegetrouheid en -solidariteit een van die fundamentele instinkte van die natuur en daarom deurslaggewend in die oorlewingstryd is, en hy verklaar dat geen ander ras die blanke se 'idiotiese program' van barmhartigheid jeens die sogenaamde uitvaagsels, swakkelinge en minderwaardiges, uitoefen nie.[66]

Vir Klassen is die natuurlike lewensvorm van elke spesie nie as individu nie, maar in die geval van die mens, as lid van 'n stam of 'n groter groep. Verder kan slegs 'n homogene gemeenskap volgens hom stabiel wees en oorlewing verseker. Rasse-Sosialisme omvat die totale wit ras en sluit al die blanke volke van Europa en hul onbesoedelde direkte afstammelinge in die res van die wêreld in. Volgens die KvS is die wit ras tans in 'n oorlewingstryd gewikkel en feitlik besig om uit te sterf, en het die beweging ten doel om elke blanke persoon op die planeet vir hul saak te mobiliseer.[67] Klassen verklaar dan ook dat die massa die kragsentrale in hul stryd om rasse onafhanklikheid en oorheersing is en dat die hele godsdienstige beweging daarom op die massa gerig moet word.[68]

Klassen het 'n groot bewondering vir die antieke Grieke en Romeine en beskou hierdie beskawings as een van die glorierykste tydperke in die wit ras se geskiedenis. Die ou Romeine en Grieke is volgens hom voorbeelde van die fisies en verstandelik mees voortreflikste komponente van die wit ras wat ooit bestaan het, terwyl die Grieke se eugeniese veredelingsprogram vir hom bewonderings- en navolgingswaardig is. Die titel, *Pontifex Maximus*, waarmee Klassen homself onderskei het, is dan ook uit die Romeinse godsdienstige organisasie ontleen. 'n *Pontifex* was 'n lid van die Romeinse priesterlike orde, terwyl die *Maximus* die hoof daarvan was en die KvS-titel verwys derhalwe na 'n hoof van 'n priesterorde.[69] Volgens Klassen was die Christendom en Jode verantwoordelik vir die verbastering en gevolglike verval van die Romeinse beskawing: "If Roman civilization had prevailed, what a blessing for this world it would have been! Instead of a Jew-ridden world racked by revolution, dissension and anarchy, teeming with increasing floods of mongrels and mud races, we would today have a beautiful White world in every part of every continent, prosperous, peaceful, orderly, and productive."[70]

Die verskillende menserasse is volgens Klassen nie gelyk aan mekaar nie en kan in 'n hiërargie van hoog tot laag ingedeel word. Hy noem dat daar selfs binne dieselfde ras groot verskille kan wees en verklaar dan dat die meerderwaardigheid van die wit ras ooglopend is.[71] Die wit ras, as die enigste

---

66 B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 254, 256, 264-266, 310; J.S. Smith, *Kreatiwiteit. Kerk van die Skepper. Antwoorde op 'n aantal vrae*, p. 3.

67 B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 323; J.S. Smith, *Kreatiwiteit* ..., p. 1; B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 102-103, 136.

68 B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 496.

69 J.S. Smith, *Kreatiwiteit* ..., pp. 3-4.

70 B. Klassen, *The white man's bible*, p. 123.

71 B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 416-417.

skeppers van beskawings, is vir Klassen die voortreflikste in alle opsigte van alle rasse en beklee die toppunt van die evolusionêre leer. Heel onder aan die leer is die swartes wat volgens Klassen nie werklik mense is nie, maar eerder as ondermense of humanoïede beskryf kan word: "Webster's dictionary defines 'nigger' as 'a vulgar, offensive term of hostility and contempt for the blackman.' Very good. We'll accept that. That is exactly how we feel about niggers and it describes precisely what the White Man's proper attitude should be towards these animals. Our attitude towards niggers at all times must be one of hostility, contempt and derision."[72] Klassen noem ook dat die swartes nie die wiel of skrif kon uitvind en geen beskawings tot stand kon bring nie, en ten opsigte van enkele swart presteerders verklaar hy: "People such as ... [these] have more White blood in them than they do black blood and what intelligence (if any) they have, was derived from the White side."[73] Tussen die swartes en 'die Natuur se Voortreflikste', die wit ras, word al die ander rasse van die wêreld, kollektief na verwys as die 'modderrasse', ingedeel.[74]

Elke spesie is volgens die wette van die natuur in 'n oorlewingstryd gewikkel en het sy eie beskermings- en aggressiemeganismes ontwikkel om te oorleef. Volgens Klassen is daar onder die mens 'n hoogs ontwikkelde parasiet, die 'Ewige Jood', wat gebruik maak van bedrog en misleiding om te oorleef. Die Jood gebruik godsdiens as 'n magtige wapen om hul eie ras te verenig en om hul vyande te vernietig. Hulle bevorder volgens Klassen rassegetrouheid onder swartes, vuur rassehaat teen die blanke wêreldwyd aan en volg 'n program van doelbewuste rassevermenging en uitwissing teen die wit ras. Die Amerikaanse Burgeroorlog en die twee wêreldoorloë is volgens Klassen deur die Jode begin om hulself te verryk en blank teen blank te stel. Gevolglik is die wit ras in 'n bittere oorlewingstryd met die Jood gewikkel en vorm die Kommunisme en Christendom deel van die Joodse program vir die vernietiging van die wit ras en Westerse beskawing:[75] " ... the Jews could never have foisted modern communism on a long suffering humanity, had they not first softened up, unhinged and confused the intellect of the White Race with the fallacious snares of Christianity."[76]

Godsdiens is vir Klassen 'n ingebore en natuurlike eienskap in die mens en is saam met 'n lewensfilosofie noodsaaklik vir oorlewing en om betekenis aan die lewe te gee. Hoe nader 'n godsdiens aan die rassesiel van 'n groep gewortel is, hoe meer gesond en dinamies is dit vir daardie groep. 'n Filosofie is nodig om 'n realistiese en rasionele siening van die oorlewingstryd te hê, en hoe nader dit aan die wette van die natuur is hoe meer waardevol en realisties sal dit wees. 'n Goeie godsdiens ontwikkel en bevorder die groep wat dit aanhang. So byvoorbeeld is die Joodse geloof volgens die KvS uitsluitlik gemaak vir 'n parasitiese ras. Die meeste godsdienste is egter verdorwe en die blanke is volgens Klassen die afgelope 2000 jaar met een van die slegstes daarvan, naamlik die Cristendom of wat die KvS die Christenisme noem, gestraf. Klassen het derhalwe 'n nuwe godsdiens vir die wit ras geskep, naamlik Kreatiwiteit, en waarvan die navolgers daarvan as Skeppers

[72] B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 166-167.
[73] B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 422.
[74] Sien B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 135, 136; J.S. Smith, *Kreatiwiteit* ..., p. 3.
[75] B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 252, 255, 258, 291, 353, 385.
[76] B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 388.

bekend staan. Hierdie filosofie is gebaseer op die wette van die natuur en het ten doel die oorlewing, uitbreiding en bevordering van die wit ras.[77]

Die Skeppers glo daarin om in harmonie met die natuur te werk, en vir hulle is die sogenaamde Joods-geskepte Christenisme se klem op barmhartigheid en medelye, in konflik met die natuur en Kreatiwiteit. Volgens Klassen is die wit ras die meesterras en verwerp hy die Jode se aanspraak as uitverkorenes: 'That any God could choose such a treacherous and despicable, perfidious gang of scoundrels as the Chosen People could hardly be believed by anyone. It is doubtful if very many Jews themselves believe this monstrous hoax."[78] Die Skeppers glo nie in die bestaan van gode nie en verwys na God as 'n superspook: "Ons standpunt oor dié god is eenvoudig. Die ding *bestaan* gladnie [*sic*]. Niemand het ooit in die verlede of kan nou die bestaan van die god met *feitelike* bewyse *staaf* nie. Die god is bloot die perverse produk van die onewewigtige Jood se wilde verbeeldingsvlugte."[79] Smith verklaar ook verder: "Dat so 'n god nog die mees misrabele woestynparasiete as sy 'uitverkorenes' moes 'kies' dui op totale afwesigheid van gesonde oordeel - indien nie totale onnoselheid nie - allermins 'almagtigheid'."[80]

Volgens Klassen is 'n godsdienstige organisasie beter as 'n politieke party toegerus om die oorlewing van die wit ras te verseker. Godsdiens omvat elke aspek van die mens se lewe, het 'n groter aanspraak op 'n individu se lojaliteit en het die vermoë om vir duisende jare te bestaan. Kreatiwiteit is vir hom 'n vierdimensionele konstruktiewe godsdiens gebaseer op 'n gesonde verstand in 'n gesonde liggaam in 'n gesonde gemeenskap en in 'n gesonde omgewing.[81] Om hierin te slaag is 'n totale nuwe samelewingsorde nodig en is die grootste probleem wat volgens Klassen oorkom moet word die heroriëntasie van die blanke se denke: "Once we have cleared his brain of the Jewish poison, clearing the Jews and the Niggers from our midst, too, will be child's play."[82]

Die middelpunt van hierdie samelewingsomwenteling wat die KvS vir die blanke ras voorstel en wat ook die kern van hul godsdiens vorm, is die veredeling van die blanke ras en die bevordering daarvan tot hoër standaarde van prestasie, skoonheid en kultuur. Volgens Klassen vorm 'n gesonde verstand in 'n gesonde liggaam die raamwerk van 'n dinamiese superras en het die rasverbeteringsleer gevolglik 'n sleutelplek in die beweging: "We must first of all *survive*, secondly, *expand* to take over all the good earth of this planet, and thirdly, *improve our Genetic Qualities* to ever greater heights - to become the Super Man of the future and a dazzling beyond."[83] Om dit te bewerkstellig moet die genetiese besoedeling wat die wit ras oor die eeue heen van ander rasse verkry het, deur 'n eugeniese veredelingsprogram uitgeskakel word. Daarna moet die ras se intelligensie en fisieke voorkoms verder verbeter word deur 'n genetiese graderingstelsel in te stel.

---

77 B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 249-250, 262, 266.
78 B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 390-391.
79 J.S. Smith, *Kreatiwiteit* ..., p. 1. Smith kursiveer.
80 J.S. Smith, *Kreatiwiteit* ..., p. 3.
81 B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 412, 433.
82 B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 252.
83 B. Klassen, *The white man's bible*, p. 163. Klassen kursiveer.

Hiervolgens sal elke persoon volgens sy fisiese, geestelike en genetiese gesondheid 'n genetiese graderingskaart toegeken word wat die aantal kinders wat die persoon mag voortbring sal aandui. Die suiwerder en meer intelligente lede van die ras sal dus aangemoedig word om groter families te hê terwyl diegene met genetiese en psigiese afwykings gesteriliseer sal word.[84]

Volgens die KvS is die wit ras vandag in 'n oorlog om oorlewing met die modderrasse van die wêreld gewikkel: "The White Race is enmeshed in a race war that will not end until it, the White Race, is either exterminated or it inhabits the Planet Earth supreme. ... The Jews, the niggers and mud races are keenly aware of it and will wage it unto death, whether we want it or not."[85] Om hierdie aanslag die hoof te bied is dit nodig vir alle lede van die wit ras om terug te veg en die vyande van die ras te vernietig en die KvS het in antwoord hierop en in navolging van die *Jihad* of heilige oorlog van die Moslems, 'n oorlogskreet vir die herlewing van die wit ras ontwikkel, naamlik Rahowa! wat beteken 'White RAcial HOly War.'[86] Elke lid van die ras sal moet kies waar hy binne hierdie oorlog staan: "We, of the CHURCH OF THE CREATOR, intend to put every White Racial Comrade in a position where he or she will be forced to take a stand - either for the White Race, or against it - either demonstrate loyalty to the White Race by word, deed and action, or be branded a traitor to it. ... We will ruthlessly identify, pursue and prosecute racial traitors. We will hunt them down like mad dogs. They will get their just deserts for their foul treachery - death by hanging."[87]

Indien die program van die nuwe godsdiens gevolg word, is dit volgens Klassen moontlik om Amerika te red en om beheer van die land deur wettige metodes, en sonder enige bloedverlies, oor te neem. Daarom moet die wit ras se denke eerstens verander word: "However, should struggle and bloodshed become necessary, then we, too, must pay this price and use this means. If necessary, we must, and will, invoke the highest law of Nature. We must and will use all means and every means necessary to insure the survival of our race."[88] Indien die beskaafde metodes van arbitrasie en oorreding nie genoeg is nie, regverdig die KvS ter wille van oorlewing handelinge van geweld, terrorisme en selfs moord:[89] "... unlike the Jews, we CREATORS are neither bloodthirsty, nor do we like killing. ... What sets us apart from the Jews and Christians is that we are not hypocrites. We flatly state that killing per se is not a sin but a necessary action of any race or society that has the will to survive."[90]

Alhoewel die KvS nie 'n omvattende beskrywing van hul voorgestelde staatstruktuur gee nie, word sekere riglyne waaraan so 'n staat moet voldoen wel genoem. Die beweging is oor die algemeen gekant teen die demokrasie en republikanisme omdat dit die volk in verskillende partye verdeel. Omdat hulle in Rasse-Sosialisme glo, wil hulle 'n sosiale regering gebaseer op 'n rassegrondslag daarstel. Vir Klassen beteken sosialisme 'n georganiseerde samelewing waarin daar gestrewe word

---

84 B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 391; B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 158-159, 161-163; J.S. Smith, *Kreatiwiteit* ..., p. 1.
85 B. Klassen, *Rahowa!*, p. 123.
86 Sien B. Klassen, *Rahowa!*, pp. 12, 28-31, 123; B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 393-394.
87 B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 130-131.
88 B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 426.
89 B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 367, 397-398, 402.
90 B. Klassen, *The white man's bible*, p. 367.

om die ras se belange kollektief te bevorder. Dit lei tot interafhanklikheid wat die grondslag van die beskawing vorm. Die USSR is nie volgens hom 'n sosiale of kollektiewe staat nie, maar 'n slawestaat onder 'n tiranniese Joodse diktatorskap. 'n Ware kollektivistiese gemeenskap is 'n natuurlike gemeenskap met natuurlike leiers en hy gebruik dan ook Nazi-Duitsland as vertrekpunt en as voorbeeld vir hierdie tipe natuurlike leierskap en natuurlike orde.[91] Vir Klassen vorm die kerk en die staat twee belangrike pilare van die sosiale struktuur. Die toekomstige regeringstelsel sal derhalwe in harmonie met die wit ras se godsdiens gekombineer moet word en sal in der waarheid een struktuur vorm.[92]

Die doel van die beweging is om alle gebiede wat deur blankes bewoon word eksklusief blank te maak en te hou. Geografiese skeiding tussen die wit ras en die modderrasse word sterk bepleit en Klassen het voorgestel dat alle swartes in Amerika na Afrika gerepatrieer moes word.[93] In hierdie opsig het hy van die Suid-Afrikaanse hoof van die Kerk, Jan Smith, verskil. Smith het Klassen laat weet dat die wit ras in Afrika nie kan bekostig om met nog 'n groep swartmense oorspoel te word nie. Volgens Smith het die blanke op grond van sy prestasie, vermoë en skeppende aard die reg om die hele Suid-Afrika as woonplek op te eis en dat die 'agterlike en destruktiewe modderrasse' geen aansprake op bestaansreg in Suid-Afrika het nie. Hy het verder genoem dat die KvS hom in Suid-Afrika beywer vir 'n uitsluitlike wit Suid-Afrika en die daaropvolgende verblanking van die res van Afrika.[94]

Die leierskapsbeginsel is volgens Klassen deur die geskiedenis bewys as die beste en mees effektiewe organisasie vir 'n regering asook vir elke ander tipe organisasie, en sal daarom in die nuwe staatstruktuur nagevolg word. Die massas het leiers nodig en die leierskapsbeginsel, wat op gesag gebaseer is, is vir Klassen onversoenbaar met die 'Joods uitgedinkte' demokrasie wat uiteindelik vir hom in gepeupelbewind, kibbelary, bevangenheid en verkwisting eindig.[95] Die Leier van die toekomstige wit staat moet naas 'n toewyding tot Wit Rasselojaliteit, die mees begaafste en beste gekwalifiseerde persoon beskikbaar wees en moet oor 'n tydperk deeglik vir hierdie doel voorberei word. Klassen stel voor dat 'n elite van jong mans gekies en spesiaal vir die doel opgelei moet word. 'n Permanente raad van oudstes sal die leier kies wat dan vir 'n dekade lank die staat sal lei.[96]

Klassen gee baie min aandag aan die ekonomiese stelsel van sy voorgestelde wit staat. Hy is gekant teen vrye ondernemerskap aangesien dit tot monopolieë aanleiding gee, maar noem dat privaateienaarskap voorgestaan word, selfs al sou alle eiendom gemeenskaplik besit word.[97] Jan Smith het egter op 10 Oktober 1990 tydens die Boerestaat Kongres wat in Heidelberg deur die Boerestaat Party aangebied is, 'n voordrag gelewer oor 'n voorgestelde ekonomie en geldstelsel vir

---

91 B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 318-322; B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 416-417.
92 B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 433; B. Klassen, *The white man's bible*, p. 417.
93 B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 130, 173.
94 Anon., Kerk van Skepper had bewondering vir Adolf Hitler, *Beeld*, 1994-05-24, p. 6; M. Waldner, Jan Smit los toe God vir die wit ras, *Rapport*, 1992-08-02.
95 B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 329.
96 B. Klassen, *The white man's bible*, p. 418.
97 B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 318, 323.

die toekomstige wit staat in Suid-Afrika. Volgens Smith is politieke vryheid nie moontlik terwyl uitheemse volksgroepe en volksvyandige geldbelange in beheer van die ekonomie is nie. Alhoewel die twee onderling afhanklik is, moet politieke vryheid ekonomiese vryheid voorafgaan. In die nuwe staat sal die ekonomie gerig wees op die geestelike, stoflike en genetiese gesondheid van die Boerevolk en sal dit volgens die aard van die volk ontwikkel word.[98] 'n Revolusie van waardes met 'n nuwe etiek sal daargestel word: "Daarom sal ons 'n selfbeskikkingsdrang moet ontwikkel en ons slawe-mentaliteit met minagting verwerp en daarmee ook die materialistiese en sentrerende tendense van beide kapitalisme en kommunisme asook die egalitariese teenstrydigheid van sosiale demokrasie."[99]

Die staat sal volgens Smith die uitreiking van geld deur 'n sentrale bank beheer en aangesien geen monopolie of kartelvorming in die bankwese toegelaat sal word nie, sal private banke as agentskappe van die sentrale bank diens doen. Die nuwe geldeenheid sal bekend staan as die Daler met 100 Stuiwers in een Daler. Geen buitelandse lenings sal aangegaan word nie, die uitvoer van onverwerkte grondstowwe sal beperk en later gestaak word en geen inkomste- en uitgawebelastings sal gehef word nie. Spekulasie in alle vorme sal moreel ongeregverdigbaar en strafbaar wees. Die verbruikersindroom en kredietfinansiering sal ontmoedig word en vervang word met 'n etiek van besparing en kontantkoop. Wettige beroepsverenigings sal ten doel hê die verhoging van opleiding, standaarde en vakmanskap en nie-assimileerbare arbeid sal verbied word om sodoende 'n homogene arbeidsmag daar te stel. Die landbou sal as ruggraat en reserwebron beskerm en bevorder word terwyl die groothandel en waar moontlik die kleinhandel van landbouprodukte deur landboukorporasies hanteer en bedryf sal word om produksie en bemarking te verlaag. Persoonlike eienaarskap, inisiatief, vindingrykheid, skeppendheid en verantwoordelikheid sal aangemoedig word terwyl opvoeding op 'n tegnologiese gevorderde ekonomie met die toepassing van wetenskaplike tegnieke en bestuur en hoë morele waardes, gerig sal wees.[100]

Vir Klassen is Amerika die basis van die wit ras en dit is van hier dat die geveg sal moet plaasvind, die Jode oorwin sal moet word en die nuwe wêreldfilosofie vir die oorlewing van die wit ras geformuleer moet word. Grondgebied en ruimte is noodsaaklik vir die oorlewing van die ras en daarom beskryf Klassen die Apartheidsbeleid van Suid-Afrika as selfmoordend. Alle gekleurdes is volgens hom vyande van die wit ras en aangesien hulle nie hulself kan onderhou nie sal hulle mettertyd uitsterf. Grond behoort volgens die natuur en die geskiedenis aan diegene met die wil, sterkte en determinasie om dit te oorwin en te bevolk en daar is volgens Klassen nie genoeg grond op die planeet vir die wit ras en die gekleurdes om beide te oorleef nie:[101] "We do not want to just control the world ..., nor do we want to enslave anybody or rule over other inferior races ... we want the White Race to exclusively populate the world."[102]

---

[98] J.S. Smith, Ekonomie en geldstelsel in die Republiek van Boereland, *Boerestaat Nuusbrief* 3, 1990, pp. 18-19.
[99] J.S. Smith, Ekonomie en geldstelsel in die Republiek van Boereland, *Boerestaat Nuusbrief* 3, 1990, p. 19
[100] J.S. Smith, Ekonomie en geldstelsel in die Republiek van Boereland, *Boerestaat Nuusbrief* 2, 1991, pp. 6-8.
[101] B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 337-338, 341, 344-345, 348-349, 350.
[102] B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 286.

Klassen beskou die hele planeet as die tuiste van die wit ras en sy beweging het ten doel om 'n wêreldwye program van stapel te stuur waarbinne elke wit volk homself van die beweerde Joodse beheer bevry en saamwerk om die gunstige gebiede op die planeet te koloniseer en te bevolk. 'n Beleid van aggressiewe uitbreiding sal gevolg word waarvolgens die gebiede wat uitsluitlik deur blankes beheer en bewoon word mettertyd uitgebrei sal word. 'n Wêreldwye, verenigde wit regering is selfs moontlik. Om ekonomiese en wetenskaplike interaksie tussen die verskillende wit volke te vergemaklik het Klassen voorgestel dat, behalwe 'n universele geldstelsel, die metrieke stelsel as universele stelsel van mates deur alle wit volke aangeneem moes word. Ter wille van verbeterde kommunikasie het hy ook gepleit dat Latyn, met aanpassings vir die moderne wêreld, as tweede universele taal en later moontlik as enigste taal van die wit ras bevorder moet word.[103]

**c. Die Kerk van die Skepper as fascistiese beweging**

Alhoewel Smith ontken het dat die KvS in Suid-Afrika enige bande met die KKK of neo-Nazi groepe het, is dit wel bekend dat die moederbeweging in Amerika nou met hierdie groepe saamwerk.[104] Klassen het dan ook 'n bewondering vir Nazi-Duitsland gehad en volgens hom sal Hitler se bydrae tot die wit ras en die vernietiging van die sogenaamde Joodse sameswering in die geskiedenis onthou word as een van die mees heroïese stryde in die geskiedenis van die mensdom: "... Adolph Hitler stands head and shoulders above any other man as the greatest leader the White Race has ever produced, and as the greatest White Man that ever lived."[105] Sonder Hitler sou die hele Europa volgens Klassen deur die Joods-Marxistiese kommunisme verslaaf gewees het. Hy het aan die wit ras hoop, 'n voorbeeld en ideologie geskenk en het die eerste wit regering met 'n rassegrondslag gestig. Die beginsels wat in *Mein Kampf* uiteengesit is, vorm volgens Klassen steeds die baken wat die weg moet baan vir die bevryding van die wit ras. Die negatiewe propaganda teen Hitler word daaraan toegeskryf dat dié se rassefilosofie 'n gevaar vir die Jode en hul plan vir wêreldoorheersing was.[106]

Die Hitler-beweging dien vir Klassen as inspirasie en hoop dat die Joodse sameswering wel vernietig kan word en een van die belangrikste bydraes daarvan was dat dit die Joodse en kommunistiese gevaar beklemtoon het. Tog omvat die Nazi-filosofie volgens Klassen sekere tekortkominge. *Mein Kampf* was byvoorbeeld beïnvloed deur die probleme van die Duitse Weimar Republiek, en die Nazi-filosofie was gebaseer op die eng grondslag van Duitse meerderwaardigheid in plaas van die meerderwaardigheid van die wit ras. Dit dra derhalwe 'n latente vermoë om konflik tussen wit volke te veroorsaak. Dit was ook op 'n politieke eerder as 'n godsdienstige basis georganiseer en was daarom verdraagsaam teenoor die Christendom. Boonop het die Nazi's 'n alliansie met die

---

[103] B. Klassen *The white man's bible*, pp. 130, 417-418, 420-422; B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 490-491.
[104] Sien M. Waldner, Jan Smit los toe God vir wit ras, *Rapport*, 1992-08-02; A. Kreye, "Die besten krieger", *Der Spiegel* 49, 1994-12-05, pp. 117, 123.
[105] B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 290.
[106] B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 290, 292, 302, 209.

Japannese, 'n sogenaamde modderras, gevorm. Die Nasionaal-Sosialisme, wat as 'n komponent van die Rasse-Sosialisme wel 'n bydrae tot eugeniese veredeling kan lewer, is derhalwe vir Klassen nie die regte oplossing vir die oorlewing van die wit ras nie, en daar moet volgens hom eerder aangegaan word waar Hitler opgehou het.[107]

Die KvS is in 'n mate anti-modernisties en alhoewel hulle nie noodwendig teen tegnologiese en wetenskaplike ontwikkeling gekant is nie, het die beskawing volgens Klassen 'n negatiewe invloed op die genepoel van die wit ras gehad, omdat dit die natuurlike uitdunningsproses vertraag het. Hierdeur is die genetiese en intellektuele kwaliteit van die wit ras verlaag en dra beskawing volgens Klassen die kiem van selfvernietiging deurdat dit die swakkeres ook 'n kans op oorlewing gee.[108]

Die KvS voldoen egter verder aan die vereistes van 'n fascistiese beweging. Hulle beleid van Rasse-Sosialisme dui op 'n organiese, populistiese inslag en die beweging is sterk teen die demokrasie, liberalisme en kommunisme gekant. Die KvS is onbeskaamd rassisties en anti-Semities. Alhoewel die beweging populisties georiënteerd is, kom hul elitisme binne hul wit heerssugtige filosofie, verwysings na die Super Mens en Super Ras, hul bepleiting van 'n eugeniese veredelingsprogram, hul geloof in ongelykheid selfs binne dieselfde ras en hul voorgestelde leierskapsmodel vir die toekomstige staat, na vore. Die beweging is revolusionêr nie net in hul bereidheid om geweld te gebruik nie, maar ook vanweë hul voorgestelde wêreldorde wat 'n totale omwenteling en breuk met die hede verteenwoordig en 'n inherente palingenetiese visie in hul doelstellings dra: "In a rapidly degenerating world that is now overcrowded and overrun with an explosion of inferior mud races; a world that is drug-ridden and already overly polluted with toxic chemicals and nuclear wastes; a world now steeped in anarchy, chaos and terrorism, it is nevertheless our ultimate and continuing goal to build in its place a WHITER AND BRIGHTER WORLD for our future generations."[109]

### 7. <u>Die Blanke Bevrydingsbeweging</u>

#### a. Stigting en ontwikkelingsgeskiedenis

Die Blanke Bevrydingsbeweging (BBB), ook in Engels bekend as die White Liberation Movement (WLB), is in Junie 1985 deur prof. Johan Schabort gestig. Die beweging het na bewering vir twee jaar in die geheim deur middel van militêre styl kommando's geopereer voordat dit in die openbaar verskyn het.[110] In Junie 1987 het dit aktief begin lede werf en mense deur middel van hul reguit boodskap en uitgesproke plakkate geskok.

Schabort het in 1972 sy professorskap aan die RAU ontvang waar hy die Departement Biochemie tot stand gebring het. Hy is as 'n briljante dosent en navorser beskou en het verskeie toekennings

---

107 B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 309-314; J.S. Smith, *Kreatiwiteit* ..., p. 2.
108 B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 110-113.
109 B. Klassen, *Rahowa!*, p. 262.
110 H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 75; J. Grobbelaar *et al.*, *Vir volk en vaderland*, pp. 40-41.

ontvang. Hy het ook as adviseur gedien vir instansies soos die Raad op Atoomkrag en was verbonde aan die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en die New York Academy of Science. Hy is wyd belese en het 'n groot belangstelling in die moderne filosofie, politieke en ekonomiese ideologieë en die geskiedenis. In 1986 het hy op die ouderdom van 49 jaar weens 'n chroniese nierkwaal as hoof van die Departement Biochemie afgetree en hom voltyds op die politiek begin toelê. Hy was egter reeds voor dit berug vir sy vurige konserwatisme en sy stryd om nie-blanke studente van die kampus af te hou. Hy was reeds vir agtien jaar by die regse politiek betrokke, is 'n lid van verskeie regse organisasies en het ook as ondervoorsitter van die HNP gedien. Naas die politiek is die wetenskap sy groot liefde en lê dit dan ook sy filosofie ten grondslag.[111] Toe daar op 'n keer aan hom gevra is of hy 'n dissipel van Hitler is, het hy nee geantwoord en bygevoeg dat die wetenskap in Hitler se tyd nie so gevorderd was nie en dat hy daarom vandag baie méér as Hitler weet en beter toegerus is om oplossings vir die blanke rasseprobleem te vind.[112]

Die BBB se hoofkantoor het in Januarie 1988 vanaf Johannesburg na Bokfontein naby Brits verskuif. Tydens 'n hoofraadsvergadering op 18 Junie 1988 en verdere vergaderings in Julie en Augustus is die organisatoriese netwerk van die beweging gefinaliseer. Dit het ingesluit die samestelling van die Opperraad, die Dagbestuur, die twaalf werkskomitees en die dagbestuur van die werkskomitees. Daar is ook besluit dat die Erelede van die Opperraad voortaan as die Adviesraad bekend sou staan en dr. Theuns Stoffberg, oud-lid van die Gryshemde, is as Ereleier van die Adviesraad aangewys. Die ouderdomsperk van die jeugbeweging is tot tien jaar verminder. Die beweging het ook 'n aantal streeksrade gehad soos die Streeksraad vir Suid-Natal met Pieter Smith as leier en Alan Harvey, voorheen van die *S.A. Patriot*, as onderleier. Die streeksbestuur van die Wes-Kaap het onder leiding van Wynand de Beer, wat ook die redakteur van *Die Kaapse Rebel* was, en Keith Conroy, ook verbonde aan die AWB, gestaan. Die Opperraad van die BBB het teen Maart 1988 bestaan uit die Erelede, A.J. McDonald van Johannesburg, Theuns Stoffberg van Suid-Natal, E. van den Berg van Pretoria, Mev. S.R. van Heerden van Johannesburg, dr. H.J. van Rensburg van Pretoria; en die gewone lede, Keith Conroy en W.A. de Beer van die Wes-Kaap, J.C. du Plessis van die Wes-Transvaal, en D.B. Fourie en J.S. Smith, die eerste leier van die KvS in Suid-Afrika, van die Wes-Rand. Leon Strydom het as nasionale organiseerder opgetree, terwyl Jan en Henk van de Graaff ook bekende lede van die beweging was.[113]

Die *Kommando. Voice of the White Race* is sedert November 1986 aanvanklik deur die Patriotic Press in Durban gepubliseer. In 1988 het die *Kommando. Stem van die Blankedom* in 'n tweetalige blad verander en die amptelike mondstuk van die BBB geword. J.C. du Plessis van Brits is as redakteur aangewys terwyl H. Victor van Brits en Mev. S.R. van Heerden van Johannesburg as subredakteurs sou dien.[114] Schabort het vanweë partybeleid geweier om die beweging se ledegetalle

---

[111] K. Steyn, 'n Ver-regse praat so ..., *Insig*, September 1987, p. 56; Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, pp. 1-2.
[112] K. Steyn, 'n Ver-regse praat so ..., *Insig*, September 1987, p. 56.
[113] Sien *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, p. 11; *Kommando* 5, March/May 1988, pp. 3, 10-11; *Kommando* 6, Jul/Aug 1988, pp. 3-4
[114] Sien *Kommando* 2, Febr/March 1987, p. 3; *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, p. 11.

te openbaar, maar wel genoem dat ondersteuning vir die BBB algemeen en landswyd onder alle regse groepe was en dat hulle selfs navrae van NP-ondersteuners ontvang het.[115] Ten spyte van hierdie bewering is daar egter algemeen in regse kringe geglo dat die organisasie 'n klein, maar luidrugtige groep was.[116]

Die beweging was betrokke by verskeie voorvalle van openbare versteuring en was ook aktief betrokke by groepsgebiede-aksies in blanke woonbuurte. In Oktober 1987 het die BBB 'n protesbyeenkoms in Mayfair, Johannesburg teen die intrek van nie-blanke inwoners in die gebied georganiseer. Die polisie het opgedaag en die groep gewaarsku om uiteen te gaan. Die skare van ongeveer 100 persone het na 'n naby geleë skoolsaal verskuif waar hulle deur Schabort toegespreek is. Tydens die optog het die polisie aanhoudend gewaarsku dat die saamtrek onwettig was en het ten einde raad traangas gebruik om die optog op te breek. Drie mense, waaronder Leon Strydom, is gearresteer en twee plakkate van die BBB is gekonfiskeer. In November 1987 het die beweging die Staatspresident, P.W. Botha, gewaarsku om die Groepsgebiedewet teen Januarie 1988 toe te pas of andersins sal die beweging genoodsaak wees om sake in eie hande te neem en die nie-blanke inwoners self uit Mayfair te verwyder. Volgens Schabort het die nie-toepassing van die wet tot toestande aanleiding gegee wat tot rassevermenging kon lei.[117]

Die BBB het, nadat dit in 1988 verkiesingsvergaderings van die NP saam met die AWB begin ontwrig het, waarskuwings van die Minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, ontvang om hul aksies van intimidasie en opsweping te staak. Schabort het in reaksie hierop verklaar dat Vlok nie net 'n vyand van die BBB nie, maar van die wit ras, was. In Augustus het die polisie die BBB gewaarsku dat hulle nie toegelaat sou word om die wet in hul eie hande te neem nie. In November 1988 is die moord van sewe swartes in Pretoria deur die sogenaamde Wit Wolf en lid van die AWB, Barend Strydom, deur die regering as verskoning gebruik om aan die BBB dieselfde beperkings as die UDF en AZAPO op te lê. Schabort is binne die landdrosdistrik van Brits ingeperk en verbied om vergaderings waar meer as tien mense teenwoordig was, by te woon. Hy het gewaarsku dat die verbod tot 'meer ernstige dinge' sou lei.[118]

In Desember 1988 is die Blanke Nasionale Beweging (BNB) as 'n direkte uitvloeisel van die verbod op die BBB, gestig. Wynand de Beer het as leier opgetree en aangedui dat hulle die beleid van die BBB sou voortsit. Ook hierdie beweging se aktiwiteite is na twee maande deur die regering beperk. Gedurende die algemene verkiesing van 1989 het Schabort sy steun aan die Konserwatiewe Party (KP) gebied. Nadat die verbod op sekere politieke partye waaronder die BBB, op 2 Februarie 1990 opgehef is, het die organisasie grootliks op die agtergrond gebly. Schabort het ook in 1985 die Blanke Party gestig wat openlik rassisties was en die afskeidingsvariasie van die partisiebeleid

---

115 Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, p. 6.

116 H. Zille, The right wing in South African politics, *in* P.L. Berger & B. Godsell (eds.), *A future South Africa*, p. 61.

117 C. Cooper *et al.*, *Race relations survey 1987/88*, pp. 500, 718-719; Anon., White demo teargassed, *S.A. Observer* 32 (5), November 1987, p. 14.

118 H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 76; J. Grobbelaar *et al.*, *Vir volk en vaderland*, p. 41; C. Cooper *et al.*, *Race relations survey 1988/89*, p. 651.

voorgestaan het. Teen 1989 was ondersteuning vir die party beperk tot die onmiddellike familie van die stigter en is dit kort daarna ontbind waarna Schabort in 1990 by die KP aangesluit het.[119]

**b. Ideologiese beskouings**

Grondliggend aan die filosofie van die BBB is 'n geloof in die fisiese en etiese wette van die natuur en wetenskaplike logika. Die filosofie is volgens Schabort op liefde vir alle lewendige dinge, en nie op haat nie, gebaseer. Hy glo in die oorlewing van die sterkste en dat kompetisie tussen verskillende groepe deel van die natuur se kreatiewe evolusionêre proses is. Hierdie evolusie en oorlewing kulmineer in mag en binne die raamwerk van hierdie natuurwette het die blanke ras as kreatiewe mag die verantwoordelikheid om die bestaande kulturele, beskawings en omgewingsorde van die planeet teen enige vernietigende organisme, hetsy insek of dier, te beskerm. Binne hierdie konteks het die wit ras daarom ook die plig en die reg om die aarde se ekostelsel teen die vernietigende aksies van die nie-blanke of sogenaamde 'modderrasse' te bewaar.[120]

Die BBB het die blanke ras nie as 'n samevoeging van blanke individue nie, maar as 'n versameling van blanke volke, beskou. Die krag van die ras is opgesluit in die kollektiewe krag van die onderskeie volke en daarom word die soewereiniteit, kulturele identiteit en afsonderlikheid van hierdie volke beklemtoon. Binne hierdie verband staan ook die oppermag van die Afrikaner of Boerevolk binne sy eie grondgebied wat slegs deur solidariteit met ander blanke volke verkry kan word. Die BBB het die Afrikaner as die belangrikste familie van die blanke ras beskou, omdat dit die enigste blanke volk op aarde is waarvan die meerderheid lede verstaan dat bloedvermenging tot die dood van die ras sal lei. Daarom is elke blanke volk op die aarde, ter wille van die oorlewing van die ganse blankedom, aan die Afrikaner 'n veilige tuiste verskuldig. Die BBB het die gebied van die Kaap tot die Kunene en Zambezi asook Namibië as witmansgebied beskou. Binne hierdie staat kon aan die Engelse, indien nodig, onafhanklikheid gegee word.[121]

Die BBB se filosofie sentreer rondom die oorlewing en genetiese verbetering van die wit ras en Schabort beskryf dan ook eugenetika as 'n evolusionêre verantwoordelikheid. Volgens hom het die 'modderrasse' histories bewys dat hulle minderwaardig is en nie die standaarde van die wit ras kan handhaaf nie. Die BBB beskou nie die nie-blankes as 'n arbeidsmag nie, maar as 'n parasitiese invalsmag wat net vir die regte oomblik wag om mag in die land oor te neem en die wit ras en sy prestasies te vernietig. Terrorisme, misdaad, stakings, ekonomiese sabotasie en die genetiese besoedeling van die blanke rassepoel, vorm deel van hierdie veldtog.[122] Binne die raamwerk van die natuurlike stryd om oorlewing is gemeenskaplike belange en kollektiewe vryheid belangriker as die reg en vryheid van die individu: "Real righteousness and freedom can only be found and, is of real

---

119 H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 76; J. Grobbelaar *et al.*, *Vir volk en vaderland*, p. 41; C. Cooper *et al.*, *Race relations survey 1988/89*, p. 652.
120 Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, pp. 2-3.
121 *Kommando* 5, March/May 1988, pp. 2-3.
122 Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, pp. 2-3.

significance, within the freedom of a specific people or race. This freedom can be acquired only by the morally correct use of collective power and the establishment of a homogeneous community in terms of a race and people within a geographically defined territory in competition with other races."[123] Gevolglik word meerderwaardige kulturele ontwikkeling volgens die BBB slegs bevorder in afsondering van die kulturele omgewingsbesoedeling van onaanvaarbare rasse, en is die BBB se filosofie inherent rassisties.

Schabort het erken dat sy beweging positiewe rassisme aanhang en dat hulle openlik ten gunste van hul eie ras, volk en kultuur diskrimineer. Hul sienings is gegrond op 'n liefde vir die eiendomlike, die voortreflike, die edele en skone, en positiewe rassisme was volgens die BBB eie aan elke regdenkende blanke op die aarde. Dit sluit 'n liefde en waardering in vir alle vorme van verantwoordelike lewe wat 'n positiewe bydrae tot die uitbouing en instandhouding van die skeppingsorde binne die raamwerk van die natuur lewer.[124]

Volgens Schabort was rasseverskille nie die gevolg van omgewingsfaktore nie maar wel van genetiese verskille en daarom onveranderbaar. Die stryd om oorlewing het 'n invloed op die kollektiewe vlak van prestasie, verantwoordelikheidsgevoel en samelewingstandaarde van elke ras gelaat en hiervolgens is die wit ras die naaste aan volmaak. Schabort verantwoord sy stellings deur na die beskawings van die verlede te verwys en te noem dat almal, insluitende die Sumeriese, Egiptiese, Mesopotamiese, Indiese en Romeinse beskawings, deur blanke inisiatief en mag gestig is. Geen soortgelyke beskawingsprestasies is volgens hom deur die nie-blanke tot stand gebring nie en hy voer aan dat bloedvermenging juis tot die verval van hierdie beskawings aanleiding gegee het.[125] Hy erken die bestaan van swak blankes en briljante nie-blankes, maar noem dat die kollektiewe verskille in ag geneem moet word: "Skin colour is not the basis, but only an excellent superficial indicator for distinguishing between the collectively excellent and the collectively backward."[126]

Schabort meld dat die BBB 'n rassistiese organisasie is indien rassisme beteken dat die witman eerste gestel word. Volgens die BBB behoort Suid-Afrika uitsluitlik aan die blankes wie se aanspraak op die land op die enigste reg van mag gebaseer is en daarom die historiese aansprake van die ander groepe neutraliseer. Hulle glo in die genetiese meerderwaardigheid van die wit ras en huldig die mening dat dit die blanke se plig is om te keer dat die swart rasse se natuurlike aanwas en dekadensie die planeet vernietig. Volgens Schabort staan die twee genepoele van die blanke en nie-blanke regstreeks teenoor mekaar. Alle nie-blankes het volgens hom negatiewe karaktereienskappe teenoor die blanke wat 'n 'voortreflike' ras is en in wie se geledere die swakkeres reeds tot 'n groot mate uitgesterf het.[127] Die swart rasse hou volgens Schabort 'n bedreiging vir die blankes in: "Die

---

123 J.C. Schabort, The racial problems of the world cannot be solved without taking into consideration the scientific basis of race differences, *Kommando* 6, Jul/Aug 1988, p. 7.
124 *Kommando* 5, March/May 1988, pp. 1-2.
125 J.C. Schabort, The racial problems of the world ..., *Kommando* 6 Jul/Aug 1988, pp. 6-7.
126 J.C. Schabort, The racial problems of the world ..., *Kommando* 6, Jul/Aug 1988, p. 7.
127 H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 76; H. Zille, The right wing in South African politics, *in* P.L. Berger & B. Godsell (eds.), *A future South Africa*, p. 61; K. Steyn, 'n Ver-regse praat so ..., *Insig*, September 1987, p. 56.

wetenskap het bewys dat só 'n vyand òf uitgewis òf vernietig moet word ... Die vernietigers van die skeppingsorde moet nié ruimte of mag gegee word om die planeet verder af te takel nie. Om dié rede gryp die natuur reeds in - soos 'n mens kan sien aan die hongersnood en ander natuurrampe in Afrika. Ek weet 'n mens kry baie briljante swartes, maar hulle staan apart. Jy moet hulle egter aan die kollektiewe eienskappe van hul ras meet."[128]

Die BBB se ideologie was ook openlik anti-Semities en die Jode is in die 'grys gebied' tussen blank en nie-blank geplaas. Schabort het George Lincoln Rockwell, wat hy as 'die groot Amerikaner' beskryf het, aangehaal deur te beweer dat die Jode aan 'n soort kollektiewe vervolgingswaansin lei: "... the two symptoms of paranoia are - a) delusions of grandeur, and b) delusions of persecution.... the Jews are the only people actually to have made a religion out of paranoia. They go around telling everybody that a) they are the chosen people of God (delusions of grandeur), and b) that everyone hates them, (delusions of persecution)."[129] Volgens Schabort is die Joodse godsdiens en die Ou Testament by uitstek etnosentries aangesien dit rondom die behoud van die Joodse identiteit, eerder as 'n filosofiese boodskap, gebou is. Die Jode se jaloesie veroorsaak dat hulle die blanke beskawing deur middel van ekonomiese uitbuiting en deur sielkundige oorlogvoering, wat hul betrokkenheid by kommunistiese en teokratiese humanitêre bewegings verklaar, wil vernietig.[130]

Vroeg in 1988 is daar in die *Kommando* beweer dat Schabort sedert Augustus 1987 verskeie doodsdreigemente van die JDO en selfs die Mossad, die Israeliese geheime diens, ontvang het. Die BBB was ook ontevrede oor die Joodse kritiek teen die Hess-gedenkdiens waaraan die beweging deelgeneem het, en die sogenaamde anti-Nasionaal-Sosialistiese propaganda wat deur die Jode in Suid-Afrika versprei is. Die BBB het in reaksie hierop aangedui dat hulle nie geweld predik of konfrontasie soek nie, maar die Jode gewaarsku dat hul dreigemente tot ernstige konflik kon lei. Daar is ook aangevoer dat die Joodse Holocaust nie plaasgevind het nie, en 'n beroep is op die regering gedoen om die 'Holocaust-propaganda' stop te sit en die Sionisme as 'n gevaar vir rassevrede in Suid-Afrika te beskou.[131] In 'n persverklaring het die BBB gewaarsku: "... the BBB foresees retaliatory action from the Whites in the form of propaganda against well established Jewish actions against the Whites of Europe and South Africa of a more serious nature than the alleged holocaust."[132]

Volgens Schabort was daar twee maniere om die bewind in die land oor te neem, naamlik deur 'n meerderheidstem in 'n verkiesing, of deur die wit woede of energie te ontgin: "Ek hoop nie iemand soos Tutu of Boesak word vermoor en daardeur 'n martelaar nie. Hulle moet óns skiet! Dit sal die wit woede laat ontplof. Dit is waarvoor ons wag. Maar dit beteken nie ons wil die regering deur geweld tot 'n val bring nie - ons het ander meganismes om dit te doen. Ek bepleit nie wit geweld nie - maar

---

128 K. Steyn, 'n Ver-regse praat so ..., *Insig*, September 1987, p. 56.
129 Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, p. 5.
130 Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, p. 5.
131 *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, pp. 10-11; L. Strydom, Public press statement, *Der Deutsch-Südafrikaner* 49, Aug/Okt 1987, p. 8.
132 L. Strydom, Public press statement, *Der Deutsch-Südafrikaner* 49, Aug/Okt 1987, p. 8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ek kan waarsku dat daar vir verraaiers (wit linksgesindes) geen plek onder 'n BBB-bewind sal wees nie."[133]

Schabort het verklaar dat hy nie in 'n parlementêre setel belanggestel het nie en die drie-kamer parlement wou vernietig. Tog was die pad na demokrasie steeds oop omdat mag verkry kon word deur openlik die regte beleid, naamlik 'n ware Wit Mag filosofie, te bevorder. Indien mag egter nie deur middel van 'n verkiesing verkry kon word nie, was daar volgens Schabort 'ander metodes' wat gebruik kon word. Die BBB het 'n meritokrasie as staatsvorm voorgestaan waarin elke persoon moes kwalifiseer om te stem. Stemgeregtigdes sou aan die regte blanke afstamming, 'n voorbeeldige gedragsverlede en voldoende kennis van rasse- en politieke dinamika, moes voldoen.[134] Schabort het beweer dat die BBB binne sewe jaar mag kon oorneem. Dit sou geskied nie deur geweld nie, maar deur die eenheid van alle blankes onder die BBB. Vir hierdie doel is die land in negentien kommandostreke verdeel waarvan agt teen 1987 glo reeds kommando's gehad het.[135]

Die BBB se standpunte was gebaseer op 'verfynde Nazisme'. Hul ideologie was gerig op die herstrukturering van Suid-Afrika om die bestaande rasse- en ekonomiese beleide reg te stel voordat dit tot die vernietiging van die wit man in Afrika kon lei. Daar is na die swartmense as 'moddermense' verwys en aangevoer dat hul minderwaardigheid wetenskaplik bewys kon word. Alle nie-blankes, waaronder die Jode en swartes, moes indien nodig met geweld na hul tuislande gerepatrieer word waar die natuur na hul getalle sou omsien: "Dit is ons morele plig om hulle aan hulself en die natuur oor te laat. Ek dink selfs dat dit in 'n stadium ons morele plig sal word om in te gryp in die demokratiese regte wat die mense van Afrika hulself toegeëien het - gesien teen die agtergrond van die skade wat hulle die planeet aandoen ..."[136] Kleurlinge sou na trustgebiede gestuur word en die Indiërs sou die keuse hê om hulle by een van dié twee groepe aan te sluit. Die minderheidsgemeenskappe in Suid-Afrika waaronder die Jode, Libanese, Grieke en Portugese, was volgens die beweging ook problematies.[137]

Volgens Schabort kon konfrontasie binne die natuur op drie maniere eindig: die swakkere kon óf verslaaf, óf uitgewis óf verwyder word of self vlug. Die BBB het op die derde en volgens hulle die mees regverdigste opsie, naamlik repatriasie, besluit om die vernietiging van die blanke te keer.[138] Volgens Schabort is hierdie opsie eintlik liberaal: "... the other options will propably happen spontaneously, as the mud races are incapable of the slightest achievement, let alone being able to feed themselves."[139] Hierdie beleid van repatriasie sou in fases geskied. Eers moes mag bekom word en daarna sou 'n twee jaar plan in werking gestel word waarin die nie-blankes aangemoedig sou word om die blanke gebiede te verlaat. Hierna moes repatriasie na die tuislande binne weke geskied.

---

133 K. Steyn, 'n Ver-regse praat so ..., *Insig*, September 1987, pp. 56-57.
134 Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, pp. 5-6.
135 C. Cooper *et al.*, *Race relations survey 1987/88*, p. 719.
136 K. Steyn, 'n Ver-regse praat so ..., *Insig*, September 1987, p. 56.
137 H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 76; A.J. Day (ed.), *Political parties of the world*, p. 490.
138 Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, pp. 2-3.
139 Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, p. 3.

Indien die nie-blanke nie die ekostelsels van die tuislande sou beskerm nie, is daar gewaarsku dat hulle na die sentrale oerwoudgedeeltes van Afrika uitgedryf kon word.[140]

Die herstrukturering van die ekonomie was nou verbonde aan die twee-jaar plan van repatriasie. In hierdie tyd moes die ekonomie van 'n arbeidsintensiewe na 'n tegnologiese en inligtingsintensiewe ekonomie verander word waarin die blanke nie meer van swart arbeid of koopmag afhanklik sou wees nie. Die ekonomiese infrastruktuur kon volgens die BBB binne twee jaar deur middel van rasionalisasie verander word. Binne hierdie teknokratiese ekonomie sou swart arbeid nie bloot deur blanke arbeid vervang word nie, maar wel deur blanke inisiatief en vaardighede. Schabort het erken dat die instelling van hierdie nuwe ekonomiese orde tot 'n ekonomiese verlies van 30% kan lei, maar bygevoeg dat dit vereffen sou word deur die geld wat bespaar sal word deur hulp aan swartes te staak, die nasionalisering van die minerale en industriële rykdom, en die vermindering van misdaad. Hy het geglo dat die blanke se lewenstandaard binne vyf jaar verdubbel sou kon word. In September 1987 het die BBB verklaar dat hulle 'n eerste-wêreldland onafhanklik van swart arbeid wou skep en dat alle industrieë óf moes meganiseer óf moes sluit. Alhoewel dit ook die sluiting van sommige myne sou beteken, sou die blanke steeds 'n hoë lewenstandaard kon handhaaf aangesien Suid-Afrika volgens die beweging een van die rykste lande in die wêreld is.[141]

Die buitelandse beleid moes nie verdedigend nie, maar aggressief van aard wees deurdat dit in plaas van verskonings, eerder wit heerskappy moes bevorder. Die BBB se idees moes nie net as die beste oplossing vir Suid-Afrika nie maar vir alle Europese lande voorgestel word. Binne hierdie verband was dit vir die BBB belangrik om materiële sowel as finansiële ondersteuning aan pro-wit groepe in ander lande te gee. Dit was dan ook die BBB se hoofdoel om alle blankes, nie net in Suid-Afrika nie, maar regoor die wêreld te verenig.[142]

### c. Die BBB en ander regse bewegings

Die BBB het juis hierdeur van die ander regse organisasies in die land verskil deurdat hulle probeer skakels vestig het met internasionale regse organisasies ter wille van die globale stryd vir die oorlewing van die wit ras en die planeet.[143] Volgens Schabort was een van die belangrikste redes vir die stigting van die BBB juis die feit dat sy beleid van die ander regse bewegings verskil en derhalwe 'n leemte gevul het. Die ander regse bewegings het volgens hom óf nie die rassekwessie gekonfronteer nie óf nie praktiese, realistiese oplossings voorgestel nie. Hulle het ook nie die veelrassige interafhanklike ekonomiese infrastruktuur geheel en al verwerp of die werklikhede van die nie-blanke se negatiewe karaktereienskappe in ag geneem nie. Ander bewegings het ook die totale verwydering van swartes vermy en het, anders as die BBB, die onafhanklikheid van swart state

---

140 Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, p. 3.

141 A.J. Day (ed.), *Political parties of the world*, p. 490; Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, p. 4.

142 Anon., The white power manifesto, *Kommando* 1, November 1986, p. 3; C. Cooper *et al.*, *Race relations survey 1987/88*, p. 719.

143 H. Zille, The right wing in South African politics, *in* P.L. Berger & B. Godsell (eds.), *A future South Africa*, p. 61; J. van Rooyen, *Hard right*, p. 77.

erken. Teenoor hierdie regse bewegings, hetsy Afrikaans, Engels, kultureel, godsdienstig, militêr of polities, het die BBB 'n broederlike houding gehandhaaf en dubbele lidmaatskap met alle regse bewegings toegelaat.[144]

Volgens Schabort was sy beweging meer regs as die AWB wat hy as te 'pienk' beskryf het. Hy sou toesien dat die AWB en sy leier gekonfronteer word oor hul liberalistiese neigings. Die AWB het in reaksie BBB-lede lidmaatskap geweier, hulle as 'n klomp siek mense beskryf en die beweging van 'naakte rassisme' beskuldig.[145] Na aantygings uit AWB-geledere dat die BBB onchristelik en ateïsties sou wees, het die BBB ontkennend geantwoord dat geen organisasie nader aan die 'Ware Skepper' is as hulle nie en sonder skroom bygevoeg: "Bogenoemde skelwoorde wat ... veral deur A.W.B.-leiers teen die BBB op geslote A.W.B.-vergaderings gebruik is, is van Oosterse Nie-blanke oorsprong. Ons doen 'n beroep op ons medestryders in die A.W.B. om hierdie laakbare agter-af optrede te staak en liewers ondersoek in te stel na die Joodse betekenis van die 3 sewes."[146]

Schabort het in die pers beweer dat die BBB nou saamgewerk het met buitelandse organisasies soos die National Alliance en White Power Movement in die VSA, die Front National in Frankryk, die National Front en British Movement in Brittanje en Voorpost in België. Hulle het ook kontakte met regse groepe in Australië, Wes-Duitsland en Skandinawië gehad.[147] Die beweging het na bewering positiewe reaksie vanuit die buiteland ontvang en regses in die VSA en Europa het aansoek om lidmaatskap gedoen of hul ondersteuning aangebied. Mnr. Tiffany, die redakteur van *Spotlight*, het byvoorbeeld by die BBB aangesluit, en Peter Coleman, 'n leier van die Australian National Movement het telefonies in verbinding getree om sy steun en hulp aan te bied. Die BBB is deur hierdie buitelandse regses as die enigste ware blanke beweging in Suid-Afrika beskou en hul beleid is deur regse leiers in Europa en die VSA as die mees realistiese vir Suid-Afrika beskryf. Hieronder was Paul Riis-Knudsen, die seun van 'n hoë SS-offisier en die sekretaris-generaal van die WUNS in Denemarke.[148]

**d. Die BBB as fascistiese beweging**

Die BBB het die Odal-teken, een van die simbole van die oud-Germaanse rune-alfabet, as kenteken gebruik. Die swart Odal-teken is soos die swastika-vlag van die Nazi's, in 'n wit sirkel teen 'n rooi agtergrond geplaas. Odal is afgelei van die woord *othalo* wat vaderland beteken. Binne die ou Germaanse godsdiens waar die tekens van die rune-alfabet ook as magiese simbole gebruik is, het dit 'n verband met 'n persoon se familie of geestelike erfenis voorgestel. Binne hierdie konteks simboliseer dit derhalwe ook die BBB se ideologie, aangesien die rune 'n waardebepaling van die

---

[144] *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, p. 10; J.C. Schabort, Reasons for the founding of the BBB, *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, pp. 11-12.
[145] K. Steyn, 'n Ver-regse praat so ..., *Insig*, September 1987, p. 56; C. Cooper *et al.*, *Race relations survey 1987/88*, p. 718.
[146] *Kommando* 6, Jul/Aug 1988, p. 1.
[147] C. Cooper *et al.*, *Race relations survey 1987/88*, p. 719.
[148] *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, p. 9; C.Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 69.

opvattings en gebruike van die ouer geslag voorgestel het en die vraer aangemoedig het om die maniere waarop sy wortels die huidige kon beïnvloed, te ondersoek.[149]

Die BBB het ideologies grootliks aan die kernvereistes van die fascisme voldoen. Hul populistiese ultra-nasionalisme het te voorskyn gekom in hul sienings van die wit ras as 'n organiese werklikheid wat bevry moes word uit die fisieke, geestelike en ekonomiese verslawing en strukture waarin dit vasgevang was. Die BBB het dit ten doel gestel om die blankedom van die wêreld organisatories op diplomatieke, politieke, kulturele, militêre, ekonomiese en sportgebied te konsolideer, sodat die aanslag van die anti-blanke magte teengestaan kon word. Binne hierdie konteks was die beweging 'n vurige voorstander van positiewe rassisme waarmee hulle 'n liefde vir alle vorme van lewe aan 'n verantwoordelikheid om die skeppingsorde en die blanke ras teen enige vernietigende lewensvorm te beskerm, gekoppel het. Hul belangsrikste doelstelling was die veredeling van die blanke ras, die uitbouing van die Westerse beskawing, en die bewaring van die kulturele en natuurlike erfenis van die blanke ras op 'n globale basis. Hul modernisme het in hul klem op tegnologiese ontwikkeling te voorskyn gekom.[150] Hul staatsbeskouing was egter vaag en hulle het nie soseer teen die demokrasie en die parlementêre stelsel uitgevaar nie. Tog is anti-demokrasie in hul beleid geïmpliseer deurdat stemreg byvoorbeeld beperk sou word tot diegene wat aan die nodige vereistes sou voldoen. In geheel gesien het die beweging vir die skep van 'n dinamiese en sterk nuwe blanke ekonomiese, sosiale, maatskaplike en staatkundige orde in Suid-Afrika gestaan.[151] Die BBB is deur 'n klein groepie gestig en alhoewel hulle die blanke ras wou verenig, was die beweging in samehang met hul beskouing van die edelheid van die ras, inherent elitêr georiënteerd: "We want to identify the true leaders first, who will be willing to fight and sacrifice for their race's survival before involving the masses for obvious reasons."[152] Die beweging se palingenetiese beskouing was ook in hetself revolusionêr en idealisties van aard: "The BBB brings a new message and a vision of a New White South Africa which never existed in the past. We offer a plan of action which combines white racial idealism with the realities of the South African situation. A new white economic order in South Africa which will function in conjunction with the right-wing world will be created. This will inspire a belief and trust in the future into our youth. Elevated ideals will be set to be worked and fought for and it will ensure more children for our nation."[153]

## 8. <u>Die Vermeulen-netwerk</u>

### a. Die Afrikaner Nasionaal-Sosialiste

Jacobus Johannes Vermeulen, wat deur die regse joernalis Arthur Kemp as 'n selfonderhoudende en geslepe sakeman beskryf is, was een van die AWB's wat in 1979 by die berugte teer-en-veer voorval

---

149 Time-Life Books, ***Mysteries of the unknown: Magical arts***, p. 29.
150 *Kommando* 6, Jul/Aug 1988, p.17.
151 *Kommando* 6, Jul/Aug 1988, p.17.
152 J.C. Schabort, Reasons for the founding of the BBB, *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, p. 13.
153 J.C. Schabort, Reasons for the founding of the BBB, *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, p. 12.

van prof. F.A. van Jaarsveld betrokke was. Hy het egter na 'n paar jaar met die AWB gebreek omdat dié beweging volgens hom net 'halfpad daar' was, en sy eie organisasie, die Afrikaner Nasionaal-Sosialiste, gestig.[154]

Volgens Kemp was die ANS geensins publisiteitsoekend nie en is byeenkomste agter geslote deure op Vermeulen se kleinhoewe buite Pretoria gehou. Vir baie jare was die enigste funksies wat deur die beweging gereël is, die herdenking van Hitler se geboortedag en soms ook die oud-Germaanse sonnewenderite of Sonfees waardeur die verbygaan van die winter- en somerkeerpunte gevier is. Die byeenkomste is gekenmerk deur die voorkoms van swastika-baniere as versiering en die hou van toesprake. Die ANS het in 1987 sy eerste wydverspreide publisiteit met die Hess-gedenkdiens gekry, veral omdat Vermeulen se twee kinders, geklee in die uniforms van die Voortrekkerbeweging, ook teenwoordig was. Die beweging het 'n wêreldwye netwerk van nasionaal-sosialistiese kontakte opgebou wat gereeld aan mekaar geskryf en nuus en menings uitgeruil het. Dit het waarskynlik die fondament gevorm vir die ander beweging wat deur Vermeulen gestig sou word en waarby die ANS geaffilieerd was, naamlik die Wêreld-Apartheidsbeweging.[155]

Die ANS en die Europese organisasie, Voorpost, was na bewering verantwoordelik vir die werwing van Europese huursoldate om vir die witmense in Suid-Afrika te kom veg. Monica Huggett was betrokke by ANS-aktiwiteite en het na bewering in Januarie 1994 drie Duitsers op die Jan Smuts-lughawe ontmoet en aan hulle huisvesting verskaf. Thomas Franz Kunst (32) en Stephen Rays (26) het die land op 11 Januarie binnegekom en moes dit weer op 10 Maart verlaat het. Op 14 Maart 1994 het 'n skietgeveg tussen dié twee asook Heinrich Siems (57), wat glo die vorige tien jaar op 'n kleinhoewe in die Tierpoort-omgewing suid-oos van Pretoria gewoon en na bewering nie 'n verblyfpermit gehad het nie, en die polisie ontstaan nadat dié ondersoek ingestel het na die motor waarin die Duitsers gery het. Kunst is in die voorval, wat naby Siems se kleinhoewe plaasgevind het, doodgeskiet en die twee konstabels is gewond. Die wapens wat by die Duitsers gekry is, het 'n AK 47-masjiengeweer en 'n Scorpion-submasjiengeweer ingesluit. Rays is die volgende dag in hegtenis geneem. Kunst en Rays is na bewering as huursoldate gewerf nadat hulle in Duitsland vanweë hul betrokkenheid by gewapende rooftogte voor die gereg moes vlug. Hulle het glo vir 'n jaar aan die kant van die Kroate teen die Serwiërs in Oos-Europa geveg. Na hul aankoms in Suid-Afrika het hulle opleiding ontvang en by die bewaking van Radio Pretoria betrokke geraak waarna hulle deur Siems gewerf is. Siems is in Duitsland bekend vir die baie skuilname wat hy gebruik en is na bewering nou betrokke by die werwing van regse huursoldate in Duitsland.[156]

---

154 A. Kemp, *Victory or violence*, p. 78; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Opmars van die AWB*, p. 46.

155 A. Kemp, *Victory or violence*, p. 78.

156 D. Potgieter, Gerugte oor 'n volksleër rondom dié 15000, *Rapport*, 1994-06-12, p. 1; N. Bezuidenhout, Duitser dood in woeste geveg met SAP, *Beeld*, 1994-03-16, p. 1; A. Gouws & N. Bezuidenhout, Twee Duitsers glo geharde rowers, *Beeld*, 1994-03-17, p. 2; N. Bezuidenhout, Met arm aan flarde het hy by gewonde gewaak, *Beeld*, 1994-03-16, p. 2; D. Potgieter, 'Oorlog' is toe net wat drie Duitsers in SA kry, *Rapport*, 1994-03-20, p.5; D. Potgieter, Verregse vriendin van Klenz, makkers ondervra, *Rapport*, 1994-03-27, p. 6.

Die voorval het verdiep toe dit aan die lig gekom het dat die voortvlugtende Siems eintlik Alfred Horst Klenz, 'n bekende in ver-regse kringe is. Klenz se naam is reeds gedurende die vroeë sewentigerjare in Duitsland aan neo-Nazi groepe gekoppel. In 1980 is hy in Wes-Duitsland in hegtenis geneem weens die onwettige besit van 'n rewolwer en na sy vrylating in 1985 het hy na Suid-Afrika uitgewyk. Hy het vir 'n tyd lank in Duiwelskloof gewoon waarna hy na Namibië verhuis het. Hier was hy in 1989 saam met Leonard Veenendal en Daryl Stopforth betrokke by die skietvoorval op die Untag-kantoor in Outjo, waarna hy in 1990 na Suid-Afrika gevlug het. Hy is in 1991 in hegtenis geneem, maar is na 'n eetstaking vrygelaat hangende sy uitleweringsverhoor wat tot Oktober 1991 uitgestel is. Hy het in April 1992 verdwyn en na bewering na Duitsland teruggekeer waarna hy later onder die skuilnaam van Siems na Suid-Afrika teruggekom het. Klenz is op 20 Maart 1994 saam met Alexander Neidneleün in hegtenis geneem. Klenz, Rays en Neidneleün het in die hof verskyn op aanklagte van moord en die onwettige besit van vuurwapens en in April het Klenz weer op 'n eetstaking gegaan om sy uitlewering aan Namibië te verhoed. Klenz en Rays is later weens die onwettige besit van wapens gevonnis en gevangenisstraf opgelê.[157]

**b. Die Wêreld-Apartheidsbeweging**

Die WAB is waarskynlik teen ongeveer 1990 gestig, en het na bewering 4000 lede, waaronder verskeie Oos-Europeërs, Belgiese en Britse burgers, gehad. Wim Booyse het die totale lidmaatskap in 1990 egter op 8000 vir die WAB en 3500 vir die ANS geskat. Die WAB en ANS het na bewering as koördineerders vir ongeveer dertig regse groepe, waarvan die lidmaatskap van drie tot vyftig lede gewissel het, in Suid-Afrika opgetree.[158]

Lede van die WAB is in 1990 daarvan verdink dat hulle beplan het om biologiese en chemiese wapens te gebruik om groot getalle swartes te vermoor. Sluipmoorde op kabinetslede is glo ook beplan.[159] Op 11 Augustus 1990 het 'n bom by 'n taxi-staanplek in Pretoria ontplof en in Oktober van dieselfde jaar is 'n werknemer van 'n Durbanse rekenaaronderneming in 'n pakketbom-ontploffing gedood. Dié onderneming het onder meer die ANC en Black Sash ondersteun en rekenaardienste aan hulle verskaf. Vier lede van die WAB, drie Britte en 'n Suid-Afrikaner, is in November 1990 in verband met die ontploffings in hegtenis geneem.[160] Vermeulen het later verklaar dat die vier reeds voor hul inhegtenisneming weens sekere oortredings uit die beweging geskors is: "Die WAB bestaan uit 'n gedissiplineerde groep mense wat daarteen gekant is dat swartmense voor die voet doodgeskiet

---

157 A. Gouws, Nelson-sluipmoord was Duitser se doel, *Beeld*, 1994-03-19, p. 4; R. Rademeyer, Ver-regse Duitser en makker in hegtenis geneem, *Beeld*, 1994-03-21, p. 1; N. Bezuidenhout, Vier mans in hof ná skietgeveg tussen drie Duitsers en die Polisie, *Beeld*, 1994-03-23, p. 4; N. Bezuidenhout, Klenz op eetstaking om sy uitlewering te keer, *Beeld*, 1994-04-23, p. 4; A. Pienaar, Klenz wou glo keer dat polisie hom uitlewer, *Beeld*, 1995-11-10, p. 7.

158 C. Terreblanche, Die regse pluimsaad waai ver, *Die Suid-Afrikaan* 45, Augustus/September 1993, p. 15; H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 63; W. Booyse, Regse ekstremisme - grap of bedreiging?, *Suid-Afrika-Stigting Oorsig* 16(9), September 1990, p. 7.

159 J. Van Rooyen, *Hard right*, p. 97.

160 J. Taljaard, Vier regses gevang oor ontploffings, *Rapport*, 1990-11-18, p. 2; Anon, Regse Belg wil in Suid-Afrika bly, *Beeld*, 1990-11-19, p. 2.

word. Ons het vyande, maar ons wil in vrede saamleef met swart stamme soos onder meer die Zoeloes wat self vrede nastreef."[161]

Op 10 November 1990 is 'n pop met kakieklere in Boksburg teen 'n paal vasgemaak om 'n opleidingskursus van die WAB aan te kondig, terwyl pamflette wat die kursus adverteer in die dorp versprei is.[162] 'n WAB-lid, Jean Bultot, wat in November 1989 na Suid-Afrika uitgewyk het nadat aanklagte van onwettige wapenbesit in België teen hom ondersoek is, is terselfdertyd in hegtenis geneem juis in verband met die kursusse in gevegstegnieke wat hy vir lede van die WAB aangebied het. Bultot was 'n Belgiese burger en sou na bewering gedeporteer word.[163]

In Junie 1994 het die polisie ondersoek ingestel na bewerings dat meer as 15 000 Europese toeriste die land binnegekom, maar nie weer verlaat het nie. Dit het gerugte laat posvat van 'n ondergrondse 'volksleër' van internasionale vryheidsvegters met noue neo-Nazi bande. Nederlanders, Duitsers, Kroate en Skinheads, wat almal op die Transvaalse platteland opgemerk is, sou hierby betrokke wees. Twee Nieu-Seelandse huursoldate, in AWB-uniforms, wat na bewering as lyfwagte vir Eugene Terre'Blanche opgetree het, is in dieselfde maand weens die besit van onwettige wapens in Johannesburg in hegtenis geneem. 'n Nederlandse huursoldaat en gewese lid van die Franse Vreemdelingelegioen, Ronald Deuster (46), wat aan die burgeroorlog in Bosnië deelgeneem en daar gewerf is om in Suid-Afrika te kom veg, het homself later aan die polisie oorgegee nadat hy ontnugter geraak het met die amateuragtige wyse waarop ver-regse ekstremiste hul ondergrondse stryd op die been probeer bring het.[164]

Een van die simbole wat Vermeulen op die armband van sy WAB-uniform aangebring het, was 'n skuins kruis (X) met 'n opwaartse pyl (↑) daaroor wat beide deel van die ou Germaanse rune-alfabet gevorm het.[165] Die skuins kruis of *Gebo* het vir die Germane na enige geskenk, insluitende onselfsugtige aksies, of vereniging en kameraderie, verwys. Die pyl of *Tiwaz* was die teken van die Noorse god Tyr en het binne die Germaanse mitologie die kwaliteite van dapperheid, waarheid en regverdigheid verteenwoordig.[166]

### c. Die Wêreld-Preserviste-Beweging

Die WAB is gedurende die negentigerjare na die Wêreld-Preserviste-Beweging (WPB) verander. Die WPB het hom vir 'preservisme', dit wil sê die behoud van elke etniese groep in Suid-Afrika, beywer. Die doelwit sou wees om elke etniese groep, taal, tradisie en ras te bewaar en om grondgebied vir

---

161 Anon, Regse Belg wil in Suid-Afrika bly, *Beeld*, 1990-11-19, p. 2.
162 Anon., Apartheidspop laat oë rek, *Beeld*, 1990-11-13, p. 7.
163 Taljaard, J., Vier regses gevang oor ontploffings, *Rapport*, 1990-11-18, p. 2.
164 D. Potgieter, Gerugte oor 'n volksleër rondom dié 15000, *Rapport*, 1994-06-12, p. 1; D. Potgieter, 'Volksleër' se geheime verklap, *Rapport*, 1994-06-19, p. 2.
165 Vir 'n afbeelding van Vermeulen met die WAB-uniform, sien J. Taljaard, Vier regses gevang oor ontploffings, *Rapport*, 1990-11-18, p. 2.
166 Time-Life Books, *Mysteries of the unknown: Magical arts*, pp. 28-29.

elke bepaalde groep opsy te sit. Die beweging het vir alle groepe die geleentheid gebied om teen die internasionale sosialisme van die ANC saam te werk. Die WPB-stelsel is ook so vir alle groepe aangepas dat daar ten gunste van 'n beroepsverteenwoordigende stelsel, met die partypolitiek weggedoen kon word. Elke beroepsgroep sou hiervolgens sy eie minister kon kies, maar die president sou deur die volk verkies word. Vermeulen het hierdie 'volk' verder omskryf deur te verklaar: "Ons sal verkies dat die blanke volk hom kies."[167] Daar is egter ook aangevoer dat geen groep 'n ander sal domineer nie. Alle rasse se tale, tradisies en kulture moes gerespekteer word. Hulle kon ook saamwerk om die 'aanslag' die hoof te bied en indien konflik met 'n rebellegroep ontstaan en dié se grondgebied word verower, kon dit onder die ander etniese groepe verdeel word.[168]

Die WPB het in April 1993 aangekondig dat dit die regsonkostes van Janusz Walus, die moordenaar van die hoofsekretaris van die SA Kommunistiese Party, Chris Hani, sou betaal. Walus was na bewering 'n lid van die WAB.[169] In Julie 1993 is bewerings in die pers gemaak van 'n sogenaamde 'Derde Mag' waarby regses betrokke sou wees en wat geweld in swart woongebiede aanvuur. Die ANC het selfs so ver gegaan om te beweer dat Vermeulen 'n bevelvoerder van die berugte Vlakplaas-polisiebasis was. Dit is ten sterkste deur Vermeulen sowel as die Suid-Afrikaanse Polisie ontken. Hierdie beskuldigings het gevolg op die inhegtenisname en dood in polisie-aanhouding op 10 Julie 1993 van 'n swarte, Victor Kheswa, wat na bewering vroeg in Julie lid van die WPB geword het. Kheswa, 'n lid van die Inkatha-Vryheidsparty, was ook bekend as die 'Vaalmonster' en was sedert 1990 betrokke by verskeie menseslagtings in die Vaaldriehoek. Hy is in hegtenis geneem vir ondervraging in verband met die dood van negentien mense in Sebokeng kort voor die begrafnis van Chris Hani, en was na bewering ook betrokke by die Boipatong-slagting in 1992. Vermeulen het later ontken dat Kheswa 'n lid van die WPB was en verduidelik dat hy stellings van Kheswa se beweerde lidmaatskap ter wille van publisiteit aan die pers gemaak het. Die ondersoekspan van die Goldstone-kommissie wat 'n klopjag op Vermeulen se kleinhoewe buite Pretoria uitgevoer en op dokumente beslag gelê het, kon ook geen aanduiding vind dat Kheswa 'n lid van die beweging was nie. Volgens die polisie-ondersoek was Kheswa tot 1990 'n lid van die ANC waarna hy deur 'n boendoehof weens 'afvalligheid' ter dood veroordeel is. Hy het egter ontsnap en by die IVP aangesluit waarna wraakaanvalle tussen hom en sy nuwe makkers en die Comrades toegeneem het. 'n Lykskouing het verder bevind dat Kheswa nie weens ongerymdhede nie, maar aan 'n virus wat sy hartspier aangetas het, dood is.[170]

---

167 Anon., Wat is Wêreldpreserviste-Beweging?, *Beeld*, 1993-07-27, p. 14.
168 Anon., Wat is Wêreldpreserviste-Beweging?, *Beeld*, 1993-07-27, p. 14.
169 Anon., 'Eerste bewys' van Derde Mag agter slagtings, *Beeld*, 1993-07-15, p. 2.
170 Anon., 'Eerste bewys' van Derde Mag agter slagtings, *Beeld*, 1993-07-15, p. 2; P. de Bruin, Vrae rondom Victor Kheswa verdiep, *Beeld*, 1993-07-16, p. 4; G. van der Westhuizen, Swart WPB-lid sterf glo in aanhouding, *Beeld*, 1993-07-12, p. 4; L. Steffen, Vaalmonster dood weens hart-virus, *Beeld*, 1993-07-31, p. 2; Anon., Kheswa nie lid van die WPB, *Beeld*, 1993-07-29, p. 2; P. de Bruin, 'Onsterflike Vaalmonster' het geen bande met regses gehad, *Beeld*, 1993-07-21, p. 1.

### d. Die Nasionaal-Sosialistiese Partisane

In November 1991 het vier jong mans by die basis van 8 Pantserdivisie Mobilisasiesentrum by Wallmansthal ingebreek en wapens geroof. Hulle was ook verantwoordelik vir die vroeëre diefstal van wapens by die Weermag op Potchefstroom. Twee van die diewe, Johannes Jurgen Grobbelaar (19) en Jurgen Matthew White (22), is op 7 November by Noenieput in 'n skietgeveg met die polisie oorlede. 'n Groot arsenaal wapens, waaronder 'n AK 47-geweer, 'n R1-geweer, twee R4-gewere, mortiere, rookgranate en teenpersoneelmyne, is in hul motor gekry.[171] Die amptelike weergawe was dat die twee vir die polisie weggejaag, later in die veld te lande gekom en verder te voet oor die duine is. Hulle het op die polisie geskiet en is daarna gewond waarna hulle selfmoord gepleeg het. Kort na die dood van Grobbelaar en White is bewerings egter vanuit regse geledere gemaak dat hulle nie selfmoord gepleeg het nie, maar vermoor is. Volgens 'n nadoodse ondersoek was dit onmoontlik vir Grobbelaar om homself onder die ken te skiet aangesien sy een arm en skouer vergruis was deur die polisiekoeël wat hom gewond het. Sy nek en regterarm was gebreek, sy linkerribbes was vergruis en onverklaarbare skaafmerke is aan sy liggaam gevind. Daar was ook bewerings dat besonderhede van die amptelike lykskouing deur die staat weerhou is en dat die ondersoek doelbewus vertraag is.[172]

Die ander twee, Cornelius Johannes van Wyk (21) en Jean Prieur du Plessis (21) is later in hegtenis geneem. Die vier is ook verbind met die moord op 14 Oktober op Maria Roux en twee van haar swart werknemers op 'n kleinhoewe buite Louis Trichardt. Van Wyk en Du Plessis is in September 1992 na 'n aantal mislukte aansoeke, op borgtog vrygelaat. Van Wyk is vir moord aangekla maar die saak is in Februarie 1993 uitgestel nadat hy vir vrywaring aansoek gedoen het. In September 1994 is hulle egter aan motordiefstal, die onwettige besit van vuurwapens, huisbraak met die opset om te steel, diefstal en roof skuldig bevind. Van Wyk is ook skuldig bevind op drie aanklagte van moord en een van poging tot roof en is lewenslange gevangenisstraf opgelê. Du Plessis is effektief vir twaalf jaar tronk toe gestuur.[173]

Die vier was na bewering deel van 'n ondergrondse sel, die Nasionaal-Sosialistiese Partisane (NSP), wat in Junie 1991 in Pretoria gestig is. Die NSP het ondergronds as 'n versetgroep opgetree om weerstand teen die politieke bestel in die land te bied en het beplan om die regering omver te werp en dit met een wat die Afrikanervolk goedgesind sou wees, te vervang. Die beweging was naas wapens, ook in besit van kamoefleeruniforms, vals paspoorte en vals nommerplate. Du Plessis was die leier van die groep en het gereeld briewe uit Frankryk ontvang. Hy en Van Wyk het na bewering ook

---

171 G. Van der Westhuizen, Gevange Tukkie het ook bande met fanatieke 'kerk', *Beeld*, 1991-11-11, p.1.

172 S. Coetzee, Regses los kos, *Transvaler*, 1991-11-21; Anon., Ernstige vrae oor regse stryders se dood in die Kalahari, *VEG* 16, Maart 1992, pp. 9-10; B. Pretorius, Raaisels oor die dood by Noenieput, *Transvaler*, 1991-07-20; Anon., 'Selfmoord' van 2 regses ná jaagtog beskryf in hof, *Beeld*, 1992-09-24, p. 19.

173 Anon., Twee ontken hulle is lid van fanatieke Kerk van die Skepper, *Beeld*, 1991-11-12; S. Van der Walt, Ver-regses het wit vrou dalk vermoor, *Beeld*, 1991-11-14; M. Snyman, Kerk van Skepper-man kry R.13000-borgtog, *Beeld*, 1992-09-19, p. 2; Anon., Regse vreugde bruis oor borgtog aan 2, *Beeld*, 1992-09-18; M. Liebenberg, Moordsaak uitgestel teen man, *Beeld*, 1993-02-24, p. 9; R. Rademeyer, 2 neo-Nazi's van Pretoria is skuldig, *Beeld*, 1994-09-02, p. 2; R. Rademeyer, Lewe van 2 jong mans is verwoes, sê regter, *Beeld*, 1994-09-06, p. 4.

beplan om na Frankryk te vlug as die polisie na hulle sou begin soek. Die groep was in noue kontak met Christine Beauissart, wat met 'n internasionale neo-Nazi netwerk verbind is en na bewering bande gehad met 'n groep Belge wat weer in noue kontak met radikale skinheads in Johannesburg was. Beauissart het glo na Suid-Afrika gevlug uit vrees vir haar lewe nadat haar pa, Jean Claude Beauissart, 'n lid van L'Assaut, vermoor is. Hierdie beweging het uit oud-VMO en PFN lede in die Brussel-omgewing in België bestaan en was betrokke by geweld teen immigrante en het ook bande met skinhead-groepe en die Franse tak van die KKK gehad.[174] Volgens 'n ander weergawe het sy Oliver Mathieu, 'n voortvlugtende neo-Nazi, in Augustus 1990 in Frankryk ontmoet en ter wille van avontuur saam met hom na Suid-Afrika gekom. Hier is sy aanvanklik deur Monica Huggett en Petra Burell gehuisves en het sy ook vir Koos Vermeulen ontmoet. Sy is deur Mathieu aan Pol Doussy voorgestel waarna sy vir 'n tyd lank as kelnerin by die Hansa-restaurant van Doussy gewerk het. Mathieu, wat glo in Frankryk gesoek is vanweë sy betrokkenheid by neo-Nazi en anti-Semitiese groepe in daardie land, het later Suid-Afrika verlaat en na Italië gevlug. Hy was na bewering een van die NSP se kontakte met die buiteland.[175]

Jurgen Grobbelaar was 'n voormalige lid van die WAB en voorsitter van die Tuks Nasionaal-Sosialiste (TNS) wat waarskynlik 'n tak van die ANS was. Hy was 'n ondersteuner van Hitler se idees, het *Mein Kampf* sewe maal gelees, en het in 'n artikel in 'n studentekoerant dan ook op Hitler se grootsheid en dié se meerderwaardigheid bo ander leiers soos Churchill en Stalin, gewys.[176] Hy het na bewering tydens sy verblyf in die koshuis van die Hoërskool Monument op Krugersdorp by die WAB betrokke geraak. Hy het ook kontak met verskeie regse jeuggroepe in Europa gehad en het hom beywer vir 'n nasionaal-sosialistiese orde onder die jeug.[177] Koos Vermeulen het Grobbelaar en White bestempel as die "...'eerste ware helde van ons nuwe generasie-vryheidsvegters wat die dood voor oneer verkies het' ..."[178]

Na Grobbelaar se dood het die Tuks Nasionaal-Sosialiste pamflette op die kampus van die Universiteit van Pretoria versprei met 'n foto van Grobbelaar en die woorde 'Die ideaal leef voort!' en 'Ons sal nie vergeet nie'. 'n Soortgelyke boodskap is saam met 'n groot swastika aan die kampus se graffiti-muur geverf. Die TNS is na bewering op 20 April 1991 op Hitler se verjaarsdag gestig met die doel om volksnasionalisme aan te wakker. Dreigemente van geweld is teen die vyande van die Afrikanervolk en die kommunisme gerig. Na bewering was ongeveer twintig studente by die organisasie betrokke en het hulle onder meer geheime vergaderings gehou en vlugskrifte versprei. Hulle was ook op 29 April 1991 betrokke by die opbreek van die vergadering wat Nelson Mandela op

---

174 G. Ford (ed.), *Fascist Europe*, p. 10.

175 Z. Venter, Dit lyk nou na moord, *Transvaler*, 1991-11-15; S. Coetzee, Regses los kos, *Transvaler*, 1991-11-21; Anon., Neo-Nazi verloof aan ver-regse, *Beeld*, 1991-11-25; D. Snyman, Franse skakel tussen regses en neo-Nazi's?, *Beeld*, 1991-11-18; sien J. Du Plessis, Is daar hoop agter tralies?, *Dexter* 3(3), Maart 1992, p. 4; D. Potgieter, Neo-Nazi's al meer by regses in SA betrokke, *Rapport*, 1993-12-19, p. 4; D. Potgieter, Wéér hoor hof van nooi in neo-Nazi verhoor ..., *Rapport*, 1994-08-07, p. 6; D. Potgieter, Franse skakel van neo-Nazi's klaar met regses, *Rapport*, 1994-08-14, p. 6.

176 Sien J. Grobbelaar, Eksklusief! Neo-Nazisme op Tuks, *Die Perdeby*, 1992-02-21, p. 7.

177 Anon., 'Fanatici' oopgevlek, *Transvaler*, 1991-11-11, p.1; Anon., Regse Tukkies eer wapendief ná selfmoord, *Beeld*, 1991-11-12; J. de Waal, 4 het rassistiese kerk 'gesteun', *Beeld*, 1991-11-12.

178 G. Van der Westhuizen, Wapendiewe was helde - WAB-leier, *Beeld*, 1991-11-11, p. 2.

die kampus sou toespreek en het kort daarna 'n vlugskrif versprei waarin sekere 'Verraaiers van die Afrikanerboervolk' gewaarsku is dat die loon van verraad die dood is. Beweringe dat die TNS 'n sel van die Kerk van die Skepper sou wees, is deur lede ontken.[179]

Tydens die borgaansoek van Van Wyk en Du Plessis is ook aangevoer dat hulle sou gesê het dat hulle lede van die Kerk van die Skepper was. Na bewering het Grobbelaar slegs een diens van die Kerk van die Skepper bygewoon en hulle as "n klomp dom rassiste' bestempel.[180] Volgens die eertydse Suid-Afrikaanse leier van die beweging, Jan Smith, was hulle nie verbonde aan die KvS nie, maar slegs ondersteuners daarvan en het hy die KvS soos volg verontskuldig: "Indien hy enigsins gebreinspoel was om te doen wat hy en sy maat gedoen het, moes dit gebeur het voor hy hom by ons kerk aangesluit het."[181]

**e. Internasionale bande**

Booyse het beweer dat daar ongeveer dertig fundamentalistiese organisasies met 'n openlike fascistiese benadering in Suid-Afrika bestaan. Die WAB en ANS het glo as keuringsagente vir hierdie groepe opgetree en het ook noue bande met buitelandse organisasies opgebou. Vermeulen se netwerk het onder meer bande met die KKK en neo-Nazi groepe in Oos-Europa ingesluit. Ander organisasies wat al in verband met die beweging genoem is, is die International White Power Network (VSA), die Australian Nationalists Movement, die SS Action Group (VSA), en die American Afrikaner Union. Die Vermeulen-beweging het as skakel gedien tussen Suid-Afrikaanse blanke ekstremiste en internasionale bewegings soos die Baskiese Separatiste in Spanje, L'Assaut in Frankryk, Dare in Brittanje, die Companions of Justice en die New Force Party. Regse en fascistiese persoonlikhede wat ook al met die beweging geassosieer is, sluit in Fabio Miriello en Monica Huggett (beide oud-lede van die Wit Kommando), Pol Doussy en Walter Helm (beide van die Kerk van die Skepper), Clive Derby-Lewis en die buitelandse regse leiers, Jean-Marie Le Pen van die Front National en Manfred Roeder van die Deutsche Bürgerinitiative.[182]

## 9. <u>Suid-Afrikaanse Skinheads</u>

Skinheads is nie 'n algemene verskynsel in Suid-Afrika nie. In Yeoville is egter 'n klein groepie wat hulself die SA Skins noem en wat al die kenmerke van hul Europese en Amerikaanse eweknieë toon, naamlik kaalgeskeerde koppe, militêre tipe drag, Doc Marten-stewels, leeruitrustings en

---

179 Anon., Regse Tukkies eer wapendief ná selfmoord, *Beeld*, 1991-11-12; M. Waldner, 'Bedrywige Nazi-sel' op Tuks-kampus, *Rapport*, 1991-11-17; S. Coetzee, Neo-Nazi's woel by Tukkies, *Transvaler*, 1991-11-18; Anon., Nazi's op kampus, *Dexter* 2(3), Mei 1991, p. 2; Vlugskrif van die Tuks Nasionaal-Sosialiste, *Verraaiers van die Afrikanerboervolk*. Op 14 Mei 1991 op die UP-kampus versprei.

180 Anon., 'Fanatici' oopgevlek, *Transvaler*, 1991-11-11, p.1; G. Van der Westhuizen, Gevange Tukkie het ook bande met fanatieke 'kerk', *Beeld*, 1991-11-11, p. 1; J. de Waal, 4 het rassistiese kerk 'gesteun', *Beeld*, 1991-11-12; Anon., Twee ontken hulle is lid van fanatieke Kerk van die Skepper, *Beeld*, 1991-11-12; Z. Venter, Dit lyk nou na moord, *Transvaler*, 1991-11-15.

181 J. De Waal, 4 het rassistiese kerk 'gesteun', *Beeld*, 1991-11-12.

182 W. Booyse, Regse ekstremisme - grap of bedreiging?, *Suid-Afrika-Stigting Oorsig* 16(9), September 1990, p. 7; C. Terreblanche, Die regse pluimsaad waai ver, *Die Suid-Afrikaan* 45, Augustus/September 1993, pp. 14-15; H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 63.

tatoeëermerke. Hulle beskryf hulself as 'n werkersklasbeweging, is voorstanders van 'n wit staat en glo in die meerderwaardigheid van die wit of Ariese ras. Hulle luister ook na die rassistiese musiek van Oi-groepe soos Screwdriver, wie se plate in Suid-Afrika verbode is, No Remorse en Public Enemy.[183] Die Britse groep No Remorse het onder meer 'n lied oor Suid-Afrika geskryf, *Hold on South Africa*, waarvan 'n gedeelte lui:

> From every nation around the world,
> you've been condemned.
> But if you don't bite back, defend yourself,
> then it will be the end.
> The terrorists are still fighting,
> behind the flag of red.
> Their solution is a Marxist state,
> and see your country dead.
>
> Communist affliction,
> the Government grows weak,
> You must stand by your people,
> support the AWB.[184]

Die Skins groepeer hulself binne die White Alliance Movement (WAM) waarin die meer gewelddadige sy van die beweging na vore kom. Mense is al op straat aangeval en petrolbomme is na huise gegooi. In 1993 was daar gerugte dat hulle mense sou werf vir 'n 'oorlog' teen die swart bevolking. Die skinheads het beweer dat hulle ongeveer 600 lede het wat aktief besig was om die swart magte te beveg: "Baie van ons lede is korporaals in die AWB. Dit is logies dat ons soms opleiding by die AWB ontvang. Ons woon gereeld ook ons eie kampe by waar ons teiken skiet en oorlogspeletjies speel."[185] Dit is dan ook algemeen bekend dat skinheads soms by AWB-vergaderings opgemerk word,[186] en alhoewel dit nie bekend is hoeveel kontak daar met ander groepe soos die KvS en WAB is nie, is dit reeds genoem dat Christine Beauissart byvoorbeeld na bewering bande met skinheads in Johannesburg gehad het. Die Skinhead-beweging in die VSA is in noue kontak met die COTC in daardie land en 'n mens kan waarskynlik aanneem dat die KvS in Suid-Afrika ook kontakte met skinheads het.[187]

In die VSA vorm baie van die mimetiese groepe waaronder die NSDAP/AO, Church of the Creator, die skinheads en faksies van die KKK, 'n soort netwerk van gemeenskaplike beïnvloeding en dubbele lidmaatskap. In Suid-Afrika kan dieselfde skakeling tussen veral lede van die KKK, ANS, WAB en KvS waargeneem word. As onderdeel van hierdie netwerk bestaan daar egter ook enkele ander groepe wat, alhoewel hulle sekere raakpunte met van die voorafbespreekte fascistiese bewegings in gemeen het, nie suiwer nostalgiese of mimetiese bewegings is nie, en eerder onder die neo-fascisme as algemene onderafdeling ingedeel kan word.

---

183 D. Snyman, SA dissipels van Hitler ..., *Die Huisgenoot*, 1992-06-04, pp. 10-11.
184 *Sweepslag* 4(3), 1992, p. 11.
185 L. Steffen, Skinheads glo in wit heerskappy, *Beeld*, 1993-09-06, p. 1.
186 Sien K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 199; Persoonlike ondervinding tydens 'n AWB-vergadering te Kempton Park, 1992-05-06.
187 A. Kreye, "Die besten krieger", *Der Spiegel* 49, 1994-12-05, p. 117.